# Hoofstuk IV.

## Godsdiensonderrig op skool.

### (a) Verband tussen godsdienstige opvoeding en godsdiensonderrig.

In die vorige hoofstuk is die godsdienstige opvoeding teenoor die wêreldlike opvoeding gestel en is beklemtoon dat in die godsdienstige opvoeding die mens nie die sentrum is nie, maar God en dat die mens slegs mandaathouer is en dus ten volle aan Hom rekenskap moet aflê.

As ons die kind vir daardie lewensbeskouing wil opvoed, is dit tog vanselfsprekend dat hy eers God moet leer ken. Verder het ons gesien dat ons God op tweeërlei wyse kan leer ken, nl. uit die natuur en uit die Skriftuur. Ook het ons aangetoon dat Hy Hom eintlik alleenlik in die Skrif openbaar. Daarom is dit noodsaaklik dat die Bybel 'n geopende boek vir die kind word, sodat hy daarin die stem van God kan beluister en tegelykertyd kan verneem wat sy dubbele taak in hierdie wêreld is, nl. om getuie van Hom in hierdie wêreld te wees, maar ook kultuurdraer, in diens van Hom, sy Skepper.

Indien die/....

Indien die godsdienstige opvoeding dus tot sy volle reg wil kom, moet Godsdiensonderrig of Bybelkunde, soos dit soms genoem word, ŉ fundamentele vak in die skool wees. Dit is dan nie slegs ŉ vak soos ander skoolvakke nie, maar behoort ŉ sentrale vak te wees waarmee alle ander vakke gekorreleer en waarna telkens verwys moet word. As dit nie die geval is nie, sal van die godsdienstige opvoeding niks tereg kom nie, omdat dit geen bron meer het waaruit dit gereeld kan put nie.

Dit sal miskien vir elke kind van groot waarde wees as elke vakonderwyser ook ŉ paar periodes per week Godsdiensonderrig kan gee. Dan sal die kind weldra besef dat geen enkel vak buite die domein van God val nie. Dit kan natuurlik alleen van waarde wees indien die vakonderwyser self ŉ Christen is en dus die godsdienstige opvoeding van die kind ter harte neem.

Die Laerskoolonderwyser kan hierdie gedagte elke dag in die praktyk toepas, omdat hy behalwe Godsdiensonderrig al die ander vakke in die skool moet onderrig.

Ook Waterink beskou die kennis van die Skrif as ŉ eerste vereiste indien ons vrug op die godsdienstige opvoeding in ons skole wil verwag. As hy die

plek van/....

plek van die Bybel in die godsdienstige opvoeding bespreek, sê hy:

> "Voor de godsdienstige opvoeding is de kennis van de bybelse geschiedenis van uitermate groot gewicht." 1)

Ons moet die Skrif nie as ŉ interessante geskiedenisboek beskou nie maar as heilsgeskiedenis, as openbaringsgeskiedenis, waarin God Homself aan ons openbaar en waarin die heilsfeite van die Ou- en Nuwe Testament gereeld beklemtoon moet word. Alleen dan sal ŉ studie van die Skrif vir die godsdienstige opvoeding van waarde kan wees.

Dit is noodsaaklik om oor die naam van die vak duidelik stelling in te neem. Daar word dikwels van Bybelonderwys of, soos in Nederland, van die vak Bybelse Geskiedenis gepraat. Die begrip, Godsdiensonderrig is egter ruimer en hou in dat die kind as ŉ religieuse wese beskou moet word wat dus godsdienstig gevorm moet word en wat tot die besef moet kom dat God ŉ werklikheid in die geskape wêreld is en daarom die sentrum van sy lewe moet wees. So beskou, is Bybelonderwys ŉ onderdeel van die vak Godsdiensonderrig,

net soos/.....

1) Waterink, J. Theorie der opvoeding. p.567.

net soos Kerkgeskiedenis en Sendingsgeskiedenis 'n deel daarvan is en dus by die leerplan in beide die primêre- en hoërskole ingesluit moet word. Om daardie rede sal ons liewer die woord Godsdiensonderrig gebruik.

(b) <u>Die doel van Godsdiensonderrig.</u>

Die hoofdoel van Godsdiensonderrig in ons skole kan dan ook nie wees om parate kennis van die Bybel aan die kind te verskaf nie, maar om hom deur middel van die Woord met die lewende God in aanraking te bring.

Of soos De Vries skryf:

> "Het godsdienstonderwijs dient in de eerste plaats gegeven te worden om ook aan de kinderen de rijkdom van het besef van Gods aanwezig-zijn in deze wereld te verkondigen. Dat dit het belangrijkste doel van ons godsdienstonderwijs is, dient voor alles vast te staan." 1)

Van Duyvendijk en Visser het eintlik dieselfde doel voor oë. Volgens hulle is die doel van die onderwys in die vak Bybelse Geskiedenis:

> "Het kind in aanraking te brengen met de openbaring Gods, gegeven in Zijn Woord, opdat het zijn leven daar naar richten zal." 2)

Ds. Greyling/...

---

1) de Vries, J. Gedachten over het Godsdienstonderwijs.p336
2) Van Duyvendijk, P. en Visser, J.B. Schoolopvoeding en Onderwijs. p.112.

Ds. Greyling onderskei tweërlei doelstelling in sy leerplan vir Godsdiensonderrig aan die primêre bantoeskole. Volgens hom is daar ʼn primêre en ʼn sekondêre doelstelling. Die primêre doel is om die leerling te lei om die Drie-enige God, sy Skepper, Verlosser en Heer te ontmoet en te ken.

Hierdie doel word uitgedruk in die eerste groot gebod van die Wet: Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met jou hele verstand. (Mat. 22:37)

Die sekondêre doelstelling is om die kind op te voed tot ʼn lewe van ware godsvrug.

Hierdie doelstelling word uitgedruk in die tweede groot gebod: Jy moet jou naaste liefhê soos jouself. (Mat. 22:39).[1]

In die leerplan vir die sekondêre bantoeskole bou Greyling hierop voort. Hy skryf:

> "Die hoofklem in die godsdiensonderrig moet hier val op die antwoorde wat Bybelstudie en aanverwante studies gee op die lewensvrae van die adolessent; sy geestelike, intellektuele en liggaamlike behoeftes met betrekking tot sy verhouding tot God en mens." 2)

Alhoewel/.....

1) Leerplan vir die Laer Primêre Bantoeskole. p.10.
2) Leerplan vir die Juniorsertifikaat. p.54.

Alhoewel daar in die doelstelling tussen die primêre en sekondêre skool nie veel verskil is nie, en dit by beide hoofsaaklik gaan om Hom te leer ken en uit te vind wat Hy van ons in hierdie lewe verwag, wil Greyling hê dat ons in die hoërskole en opleidingskolleges meer met die lewensvrae van die adolessent rekening moet hou en probeer om sy godsdienstige probleme op die regte wyse te benader.

Ook Bingle beklemtoon min of meer dieselfde doel as hy skryf:

> "Die doel van godsdiensonderrig op die middelbare skool is dan omvattend gesien om die jeugdige te lei tot kennis, liefde en diens van God." 1)

Volgens Bingle beoog die skool, kerk en huis eintlik dieselfde doel met die godsdienstige onderrig vir die jeug. Maar elkeen van hierdie drie liggame bewerkstellig 'n ander aspek van hierdie doel, omdat die kerk amptelik moet optree, die ouers half-amptelik en die skool in 'n nie-amptelike hoedanigheid godsdiensonderrig moet gee.

Die godsdiensonderwyser het dus 'n uiters belangrike taak op skool en veral in die Bantoe Opleidingskolleges./...

1) Bingle, H.T.T. Metodiek van Godsdiensonderrig op die middelbare skool. p.21.

dingskolleges. Hy moet die jeugdige nie alleen 'n kennis van God bybring nie, maar dit op so 'n manier doen dat die liefde tot God daardeur opgewek word en terselfdertyd sy leerling aanmoedig tot 'n lewe van diens aan God en sy naaste.

(c) Die waardes van Godsdiensonderrig.

Godsdiensonderrig het nie slegs waarde vir die religieuse vorming van die kind nie, maar kan sy hele lewe beïnvloed.

Ons sal kortliks nagaan op watter manier dit kan gebeur.

1. Die religieuse waarde van Godsdiensonderrig.

Die grootste waarde het die vak tog vir die religieuse vorming van die kind. Deurdat hy gereeld in intieme aanraking met die Skrif kom, leer hy nie alleen God ken in sy oneindige liefde en barmhartigheid nie, maar hy leer ook die begrip sonde en genade verstaan.

Die Bybel leer hom verder hoe om 'n gelukkige

mens te word/....

mens te word en lei hom deur die Gees uit die afgrond van ellende na 'n toestand van innerlike vrede wat 'n vrede met God, vrede met sy medemens en vrede in sy hart inhou.

Daar is geen ander vak wat in die opsig in waarde gelykstaan aan Godsdiensonderrig.

2. <u>Die morele waarde van Godsdiensonderrig.</u>

Die onderwyser moet ook uit die Bybel aantoon dat die mens nie die norme van goed en kwaad vasstel nie, maar dat die norme in die wette van God vasgelê is en dat Hy gehoorsaamheid aan daardie norme van ons eis. Daar is voldoende voorbeelde in die Heilige Skrif om aan die kinders te toon dat ons nie straffeloos die norme kan oortree of wysig nie. Maar daar is ook pragtige voorbeelde in die Bybel van ryke genade indien die oortreder van die wet berouvol na Hom kom.

Daarom het Godsdiensonderrig ook groot waarde vir die morele vorming van die kind.

3. Die intellektuele waarde van Godsdiensonderrig.

Die verstandelike waarde van Godsdiensonderrig mag ook nie onderskat word nie. Watter magdom van kennis in verband met geskiedenis, beskawingsgeskiedenis, aardrykskunde, ens. word nie in die Bybel aan ons verskaf nie.

Deur 'n gereelde studie van die Bybel, veral die boeke van Wysheid, word ons oordeelsvermoë beslis verskerp.

4. Die sosiale waarde van Godsdiensonderrig.

Godsdiensonderrig is vir die sosiale vorming van die kind van belang. In die Ou- sowel as die Nuwe Testament word gereeld die menslike verhoudings in die lig van God se wette beoordeel.

Jesus self, het ons nie alleen gewys hoe ons verhouding teenoor ons medemens moet wees nie, maar ook teenoor die Staat.

Vir ouer kinders is ook 'n studie van die Spreuke van Salomo aan te beveel. Want waaruit sal die kind dieper lewenswysheid put en waar sal hy die menslike verhoudings skerper geteken vind as uit die kort kernagtige spreuke?

5. Die estetiese waarde van Godsdiensonderrig.

Die Bybel word ook deur Wielinga die "Boek van Skoonheid" genoem.[1] Deur 'n studie daarvan te maak bemerk ons watter goudmyn die Skrif is en dat dit ook waarde het vir die estetiese vorming van die kind.

6. <u>Die liggaamlike waarde van Godsdiensonderrig.</u>

Bingle noem ook nog dat Godsdiensonderrig vir die liggaamlike vorming van die kind waarde het, omdat die Bybel die regte verhouding tussen liggaam en gees beklemtoon en Paulus ook spreek van die liggaam as die tempel van God. (1 Kor. 6:19).[2]

<u>Konklusie:</u> Van Duyvendijk en Visser en Bingle beklemtoon eintlik aldrie dat Godsdiensonderrig vir al die vertakkinge van die lewe waarde het, maar dat geen enkele waarde naby die religieuse waarde kom nie.[3]

Verder sien ons uit al hierdie waardes weer dat die lewe 'n eenheid is en dat ons die kind nie alleen vir die hemel moet opvoed nie maar ook vir die aarde.

Die woord van Paulus aan Timotheüs bly nog altyd van krag, nl. dat die kind opgevoed moet word tot mens van God, vir elke goeie werk volkome toegerus. (II Tim. 3:17.)

(d) <u>'n Paar standpunte in verband met godsdiensonderrig op skool.</u>

Die groot/.

---

1) Wielinga, B.: De Bijbel als boek van schoonheid.
2) Bingle, H.J.J. Ibid p.22.
3) Van Duyvendijk, P. en Visser, J.B.: Ibid. p.112.

Die groot waardes van die Heilige Skrif vir die gehele lewe van die mens word nie altyd besef nie.

In die verlede is die geloofswaarhede uit die Bybel gehaal en in 'n abstrakte vorm aan die kinders gegee om te leer, miskien in baie gevalle sonder praktiese verduideliking aan die kinders.

Op 'n onkinderlike manier is aan die kinders Godsdiensonderrig gegee en Bybelse verhale is nooit aan hulle vertel nie. Die Bybel is wel gelees, maar die hoofsaak was die leer van die kategismus. 1)

Dit is eintlik heeltemal teen die opvatting van een van die eerste Christelike opvoedkundiges, Augustinus, in. Hy raai al in 'n uiters interessante boekie "De Catechizandus Rudibus" aan om die vertelmetode, dus eintlik die induktiewe metode, te gebruik. 2) Hy wou dus vanuit die vertelmetode sekere geloofswaarhede vasstel.

"De catechizandus Rudibus" is 'n handleiding vir kategete wat Augustinus spesiaal vir 'n Carthaagse diaken, Deogratias, geskryf het, wat aan hom raad gevra het hoe om op die regte wyse kategetiese onderrig te gee, omdat hy hom so onbekwaam gevoel het en hy dikwels die belangstelling van sy leerlinge nie kon opwek nie.

Van Duyvendijk, P en Visser, J.B. Augustinus/....

1) Nieuwe geschiedenis der paedagogiek. p.126.
2) van der Meer, F. Augustinus de Zielzorger. Deel II.p.172

Augustinus gee hom ŉ uitvoerige antwoord waarin hy in die eerste plek beklemtoon dat die kategeet hom by sy hoorder se leeftyd en intelligensie moet aanpas.

ŉ Volgende belangrike raad wat Augustinus aan Deogratias gee, is dat die verhaalvorm altyd gebruik moet word. Hy sê:

> "Een catecheet moet de blijde boodschap brengen, zoals Philippus het deed op de wagen van de kamerling van de koningin van Candacae. Doch dat verhaal hangt niet los aan elkaar, doch is ingegeven door de Geest en is derhalwe opgebouwd door de Geest der profetie." 1)

Verder wys Augustinus daarop dat in elke Bybelse verhaal na Christus gewys moet word wat die middelpunt van die hele Skrif is.

Dit is te betreur dat Augustinus se raad vir eeue in die vergetelheid geraak het. Ook tydens en na die Reformasie is die nadruk op die deduktiewe metode gelê en moes die geloofswaarhede deur die kinders uit die hoof geleer word en is die eenvoudige verhaal op die agtergrond geskuif.

Die vorm waarin die geloofswaarhede geleer moes word, was die vraag-en-antwoord-metode soos ons dit vandag nog uit die Heidelbergse Kategismus ken.

Rombouts beweer dat die kategismus, soos ons hom tans ken, uit die dae van Luther dateer.[2)]

Ook Francke/....

1) van der Meer, F. Ibid. p.172.
2) Rombouts, S. Historiese Paedagogiek. Deel III. p.133.

Ook Francke het die deduktiewe metode gevolg en die kinders so vroeg moontlik hele stukke uit die kategismus van buite laat leer. Hy skryf letterlik:

> "dat men hun de eerste beginselen der Christelijke leer als het ware met de moedermelk moet ingeven." 1)

ŉ Paar bladsye verder sê hy:

> "Wanneer de kinderen spreken kunnen, wordt tot den catechismus overgegaan en worden hun daaruit het eene hoofdstuk na het andere zonder uitlegging voorgelezen, benevens korte en vrome gebeden en psalmen van David door herhaald voorzeggen nagepraat." 2)

Die kategismus is in die eerste eeue na die Hervorming so benadruk, dat dit in die skole die meeste van die periodes vir Godsdiensonderrig in beslag geneem het.

By die verskillende sinodes van Dordt in die jare 1575, 1578 en 1618-1619 is die onderrig in die kategismus ook baie beklemtoon. In een van die notules lees ons:

> "Opdat de Christelijke jeugd van haar teedere jaren aan naarstig in de fondamenten der ware religie onderwezen en met Godzaligheid vervuld mogen worden,

zoo moet/....

1) Francke, A.H. Over de opvoeding der jeugd tot Godzaligheid en wijsheid. p.57.
2) Ibid. p.59.

zoo moet deze op drieërlei wijze waargenomen worden. In de huizen van de ouders, in de scholen van de schoolmeesters en in de kerken van de predikanten, ouderlingen, lezers of ziekenbezoekers." 1)

In Nederland het hierdie metode van Godsdiensonderrig tot die middel van die 19de eeu, toe die tagtigjarige skoolstryd begin het, in swang gebly. In daardie tyd het die Bybel in die meeste skole al heeltemal verdwyn. Dit is eers die sogenaamde "skole met die Bybel" wat die Heilige Skrif weer in die sentrum gestel het en wat die Bybelse verhaal, soos Augustinus dit voorgestel het, weer as die belangrikste metode vir Godsdiensonderrig op skole ingevoer het.

As 'n verdere reaksie teen hierdie eensydige teoretiese behandeling van die kategismus wil ons eers 'n paar standpunte van Christelike opvoedkundiges uit hierdie eeu vermeld.

(1) Gunning se standpunt.

Gunning wil alle dogmas uit die Bybelonderrig uitsluit, omdat dit volgens hom teen die gebod van Jesus ingaan.

Hy skryf: "Maar om/....

1) Van Duyvendijk, P. en Visser, J.B. Nieuwe geschiedenis der paedagogiek. p.126.

> "Maar om de kinderen in hun jeugd de inhoud des geloofs als object van verstandelike kennis te laten leren, dat is in mijn oogen, de kinderen te doen worden gelijk de groote menschen, vlak tegen het gebod van Jezus in, dat de groote menschen moeten worden gelijk de kinderkens, op straffe van het koninkrijk der hemelen niet te zullen ingaan." 1)

Hoewel ons Gunning kan verstaan omdat sy standpunt 'n skerp reaksie teen die oordrewe beklemtoning van die dogmas gedurende sy tyd was, voel ons tog dat hy aan die ander kant weer oordrywe. Ons stem saam met hom dat die Bybelse verhale in die sentrum moet kom, maar daaruit moet later die geloofswaarhede geneem word. Ons wil ook nie altyd met melk gevoed word nie, maar sal as ons ouer word, na vaste spys verlang.

(2) Waterink se standpunt.

Volgens Waterink moet die Christelike leer ten nouste met die Bybelonderrig verbonde wees. Maar hy wil nie te vroeg daarmee begin nie. Hy beskou die tiende lewensjaar die geskikte leeftyd om dogmatiese onderrig aan die kind te gee. Waterink verweer hom sterk teen mense wat alle dogmatiese onderwys as ouderwets brandmerk. Hy waarsku egter om toe te sien dat die geloofswaarhede heilige werklikhede vir die kind moet wees anders sal die dogmas uiterlikhede vir hom bly.[2]

(3) Rombouts/.....

---

1) Gunning, J.H. Verzamelde Paedagogische opstellen. Deel II. p.118.
2) Waterink, J. Met moeder by Jesus. pp.45-52.

(3) Rombouts se standpunt.

As laaste standpunt wil ons net nog die van die Rooms Katolieke opvoedkundige, Rombouts noem. Hy wil terug na die metode van Augustinus en bepleit om in die skool met Bybelse verhale 'n aanvang te neem.

Volgens hom moet slegs in die hoër klasse van die primêre skool die Bybelse verhale met geloofswaarhede gekombineer word, maar die geloofswaarhede moet nooit los van die Bybel behandel word nie.[1)]

(4) Konklusie.

Ons kan ten volle met Francke, Waterink en Rombouts saamstem dat 'n teoretiese kennis van die geloofswaarhede noodsaaklik is. Die vraag is egter wanneèr ons daarmee moet begin en in watter vorm ons die geloofswaarhede aan die kinders moet verduidelik. As ons te vroeg daarmee 'n aanvang neem, sal dit vir die kind te abstrak wees en slegs teoretiese kennis bly wat met die eintlike lewe geen verband hou nie.

Myns insiens sal die kind in die dieper geloofswaarhede slegs belangstel as hy 'n werklike besef van sonde het, en as hy dus verstaan dat daar 'n deur God vasgelegde sedelike norm is wat hy nie straffeloos kan oortree nie.

Van daardie/....

1) Rombouts, S. Historiese Paedagogiek. Deel III.p.143.

Van daardie persoonlike skuld en sondebesef word die kind, ook volgens Waterink, eers in die begin van die puberteitsjare bewus. 1) Maar ook dan moet die geloofswaarhede nie teoreties behandel word nie maar nou verbonde wees met die Bybel en met die kind se eie lewe, sodat daar nie 'n breuk tussen leer en lewe ontstaan nie.

Ook dan kan die skool nog nie sistematies kategetiese onderrig gee nie, omdat dit die taak van die kerk is. Wat die onderwyser wel verplig is om te doen, is om die Bybelse verhale in die Ou- en Nuwe Testament soveel moontlik met die heilsfeite te verbind sodat die kind al spoedig sal besef dat die Bybel nie 'n gewone geskiedenisboek is nie maar die Woord van God waarin Hy tot ons spreek en wat 'n boodskap vir ons het.

(e) <u>Die leerplan vir godsdiensonderrig in bantoeskole.</u>

Om verwarring van terme te voorkom, wil ons eers melding maak dat met leerplan iets anders bedoel word as met leergang. Die leergang is 'n onderdeel van die algemene metode, maar die leerplan behels eenvoudig die leerstof en vermeld hoe die leerstof in die verskillende standerds verdeel moet word. 'n Deeglik uitgewerkte leerplan behels egter ook nog die gebruikte metodes en leermiddele. Verder verskyn die indeling

in die/.....

1) Waterink, J. Theorie der opvoeding. pp.402-439.

in die verskillende klasse daarin en die aantal ure wat aan 'n spesiale vak bestee kan word.

Ds. J. Greyling, inspekteur vir godsdiensonderrig in bantoeskole en opsteller van die verskillende leerplanne vir Godsdiensonderrig, in sowel primêre en hoërskole, het bostaande gedagtes in al sy leerplanne ingewerk. Om sy primêre en sekondêre doelstellings te verwesenlik, het hy in elke standerd 'n hooftema bepaal wat gereeld saam met die Bybelse verhale beklemtoon moet word.

Omdat ons sy leerplan noukeurig en krities wil beskou, is dit noodsaaklik om dit volledig weer te gee. 1)

(1) <u>Die leerplan vir die Laer- en Hoër Primêre skool.</u>

By 'n nadere beskouing van die leerplan sien ons dadelik een sentrale gedagte wat in al die verskillende standerds van die primêre skool op die voorgrond staan. Dit is die liefde van God. In elke standerd word 'n spesiale onderdeel daarvan beklemtoon. Vir die heel kleintjies in die Substanderds moet bv. gereeld in die eenvoudige vertelling op die liefde van God gewys word. In Standerds I en II word daar dieper op ingegaan en die onderwyser laat die kinders sien hoe die liefde van God in/....

1) Aanhangsel A: Leerplan vir die Laer en Hoër Primêre skool.

God in die Skrif geopenbaar word. In die hoër primêre klasse tot en met Standerd VI, word die liefde van God meer abstrak behandel, alhoewel die Bybelse verhale en persone altyd die kern bly.

Daar sit ongetwyfeld 'n gevaar in om dwarsdeur die primêre skool slegs een attribuut van God te belig. Die leerlinge kan daardeur maklik onder die waan verkeer dat God alleen liefde is en sodoende 'n verkeerde beeld van Hom ontwikkel. Want hoewel die klein kind waarskynlik nog maar 'n geringe sondebesef besit, moet dit tog tot ontplooiing gebring word. Die talryke verhale uit die Ou Testament waarin die ongehoorsaamheid jeens God as 'n waarskuwing vir ons opgeteken staan, bied voldoende geleentheid om die sonde in al sy werklikheid aan die kinders te laat sien. Dan sal hulle ook kennis maak met die toorn van God wat die sonde nie kan duld nie. Daardeur kry die kind 'n beter geheel beeld van God as wanneer slegs die liefde beklemtoon word.

Ons wil ten laaste nog noem dat in die vierde afdeling van die tema vir Substanderd A vermeld word dat die onderwyser(es) moet vertel van "die liefde van God soos geopenbaar word in 'n paar goeie dade wat Jesus gedoen het." Dit kan die leser onder 'n

verkeerde/....

verkeerde indruk bring. Beter sou gewees het om te sê: Die liefde van God soos geopenbaar word in 'n paar wonders wat Jesus gedoen het."

(2) Leerplan vir Godsdiensonderrig in Vorms, I, II en III.

In die hoërskool word op die tema's van die laerskool uitgebrei.

(i) Die leerplan in Vorm I:

Behalwe die Aardrykskundige agtergrond van die Heilige Land en omstreke word nou spesifiek nadruk op die geloof gelê. Ds. Greyling beklemtoon die noodsaaklikheid van 'n grondige studie van die Hebreeuse geloof, soos dit voortsetting en vervulling vind in die Christelike geloof. Hy wil dat die onderwyser in Vorm I karakterstudies gee van die vernaamste hoofpersone van die Ou en Nuwe Testament en veral hulle geloof beklemtoon.

Ook die verspreiding van die Evangelie kan in hierdie jaar behandel word.

(ii) Die leerplan in Vorms II en III.

In Vorms II en III moet die klem op die magtige dade van verlossing in Jesus Christus val, waaruit voortvloei die geloof en geloofsdade van die mens.

Hy verdeel dit in twee gedeeltes:

(a) Die Nuwe/....

(a) Die Nuwe Testament waarin die magtige dade van God as basis van die Christelike geloofsaksie bespreek word.

(b) Die Ou Testament waarin die magtige dade van God as basis van en soos geopenbaar in die geloofslewe en werke van 'n aantal profete geneem word, bv. Moses, Natan, Elia, Elisa, Amos, Hosea, Miga, Jesaja, Jeremia en Daniël.

(3) Die leerplan in Vorms IV en V.

Die oogmerk wat Ds. Greyling in hierdie twee jaar in gedagte het, is "om die reeds verskreë kennis van die Bybel in nouer verband te bring met die lewensprobleme van die leerlinge in die moderne wêreld." 1)

Volgens hom moet die Bybelstudie die leerlinge nou help om vaste lewenswaardes te verkry en hulle persoonlikhede harmonies te ontwikkel.

Die volgende dele moet behandel word:

(a) Die boeke, Rut, Ester, en Jona in besonderhede.

(b) Die Evangelie van Lukas en die lewe van Paulus.

(c) Die volgende onderwerpe moet ook deeglik behandel word:

1. Die gebed.
2. Die ewige lewe.
3. Sendingswerk.
4. Welsynswerk.

(d) Die Kerkgeskiedenis in breë trekke.

(4) Die/....

1) Leerplan vir die Seniorsertifikaatkursus. p.117.

(4) Die leerplan in die Opleidingskolleges.

In die opleidingskolleges waar daar slegs twee periodes per week gegee kan word, moet die klemtoon hoofsaaklik op die metodiek van die vak, Godsdiens-onderrig val.

Hoewel die inhoud van die hele laerskoolleerplan grondig geken moet word, moet die student veral geleer word hoe om die inhoud te interpreteer en hoe hy aan die verskillende leeftydsgroepe reg kan laat geskied.

Verder moet hy 'n grondige studie maak van al die metodes en leermiddele wat in die vak Godsdiens-onderrig gebruik kan word.

(5) Konklusie.

Omdat die sentrale gedagte in die leerplan die liefde van God is, moet ons die student/onderwyser leer op watter manier hy die liefde in al die verhale van die Ou- en Nuwe Testament kan inbring.

Dat Ds. Greyling in die Laerskool die liefde van God die sentrale tema maak, is volgens ons juis. Want as die kind skool toe kom, dra hy die liefde van sy ouers al in sy hart en sal dit vir die onderwyser nie so moeilik wees om die aardse liefde as 'n soort afskaduwing van die hemelse liefde te laat sien nie.

In die sedelike opvoeding beskou Waterink die liefde/....

die liefde ook as sentraal. Volgens hom moet die kind nie gehoorsaam uit slaafse angs nie, maar uit liefde.[1]

Maar om met die beklemtoning van die geloof te wag tot Vorm I is myns insiens 'n verwaarlosing van 'n gedeelte van die heilsfeite in die laerskool. Die gemiddelde leeftyd van die Standerd VI leerling in bantoeskole is 15 jaar en dan behoort die meesta al te weet dat liefde en geloof onafskeidelik aan mekaar verbonde is. Geloof is tog immer 'n vaste vertroue in iemand, en dit kan hy alleen verkry as hy daardie persoon werklik liefhet. Dieselfde geld in ons verhouding tot God. As ons Hom liefhet met ons hele hart en met ons hele siel en met ons hele verstand, sal ons Hom vertrou en onsself aan Sy leiding oorgee.

'n Beter plan is dan miskien om vanaf Standerd III die liefde en die geloof beide as sentrale temas van al die Bybelse verhale te maak.

By die bespreking van die verskillende leergange wat in die vak Godsdiensonderrig gebruik kan word, sal ons daar later dieper op ingaan en die leerplan van Ds. Greyling verder krities ontleed.

(f) Leerplan volgens Prof. Dr. R. Bylsma.

'n Interessante indeling van Godsdiensonderrig in skole is uiteengesit deur Prof. Bylsma.[2]

Hy begin/....

1) Waterink, J. Theorie der opvoeding. p.412.
2) Bylsma, R. De Bijbelles op de lagere school. Christelijke Paedagogische Studieblad. Nov. en Dec. 1965.

Hy begin deur te beklemtoon dat die Bybel 'n openbaring van God is en daarom 'n unieke Boek. Hy lê verder die nadruk op die feit dat die openbaring van God rondom 'n aantal heilsfeite gekonsentreer word.

In die Nuwe Testament is die heilsfeite duidelik sigbaar en elke Christen behoort hulle te ken, nl. die geboorte van Jesus Christus, sy lyding en sterwe, sy opstanding, sy hemelvaart, die uitstorting van die Heilige Gees en die verwagting van sy wederkoms.

Al die gegewens in die Nuwe Testament is rondom daardie heilsfeite gegroepeer. By die indeling van die leerplan vir Godsdiensonderrig moet ons daarmee terdeë rekening hou en die liefde en barmhartigheid van God laat sien rondom die heilsgeskiedenis en al die verhale uit die Nuwe Testament dus in verband bring met die lewe en dade van Jesus Christus.

Maar volgens Bijlsma moet ons by die behandeling van die Ou Testament dieselfde struktuur volg. God openbaar Hom in die Ou Testament ook aan die mense rondom sekere heilsfeite. Bijlsma noem in die eerste plek die Skepping wat 'n belangrike belydenisstuk van Oud-Israel is. Ons lees telkens in die Ou Testament van die Here onse God wat hemel en aarde geskape het.

Die tweede heilsfeite is die omgang van God met die aartsvaders. Telkens openbaar God Hom ook as die God van Abraham, Isak en Jakob.

Die/....

Die derde heilsfeit is die uittog uit Egipte. Ons lees keer op keer: Ek is die Here jou God wat jou uit die dienshuis uitgelei het. Die uittog uit Egipte is die groot verlossingsfeit wat in alle Ou-Testamentiese geskrifte die kern vorm.

Die volgende heilsfeit is die wetgewing op die berg Sinaï. Op tallose plekke word die wetgewing in die Ou Testament aangehaal.

Bylsma beskou ook inbesitneming van die land van belofte as 'n heilsfeit.

En ten laaste is die koningskap 'n heilsfeit. Die Dawidiese koningskap neem hoe langer hoe meer in betekenis toe in die Ou Testament, selfs in en na die Ballingskap waar dit beslis Messiaanse trekke kry.

Die twee groepe heilsfeite het in die Christelike kerk 'n eenheid geword deur die vervulling in Christus Jesus. Die Ou en Nuwe Testament moet dus as 'n eenheid met ons kinders behandel word. Dit kan alleen verwesenlik word as al die verhale rondom die heilsfeite behandel word. Slegs dan sal die onderwyser die geskiedenis van Israel in die regte lig sien en die kinders behoort dit veel beter te verstaan en dit langer te onthou.

(g) Leergang vir Godsdiensonderrig.

Onder/.....

Onder die leergang verstaan ons die volgorde van behandeling. Die volgorde waarin die verskillende onderdele van 'n vak behandel moet word, behoort nie alleen vir elke standerd vasgestel te word nie, maar ons moet ook die vak as 'n geheel neem, sodat ons daarna kan bepaal wat elke jaar in al die standerds gedoen moet word.

Ons wil dan eers probeer vasstel hoe die leerstof in Godsdiensonderrig op die beste wyse in die agt skooljare van die Laerskool verdeel kan word.

Die twee hoofleergange wat spesiaal in die vak Godsdiensonderrig toegepas moet word, is die suksessiewe en die konsentriese leergang of 'n kombinasie van die twee.

In die suiwer suksessiewe leergang word elke jaar 'n deel van die Ou- en Nuwe Testament grondig behandel, sodat aan die einde van Standerd VI die hele leerstof eenmaal deurgewerk is. Aan hierdie leergang is natuurlik voordele verbonde; ons kan veral noem dat die verband tussen die dele duideliker aangetoon en bewaar kan word.

Maar die nadeel is dat ook die moeiliker dele in die laer standerds behandel moet word, omdat ons geen onderdeel kan oorslaan nie. 'n Nog ernstiger nadeel is dat daar prakties nooit herhaling plaasvind

nie,/.....

nie, sodat die leerlinge in Standerd VI die vernaamste feite wat in die laer standerds behandel is, al vergeet het.

As ons die konsentriese leergang volg, word in die eerste skooljaar slegs die maklikste en interessantste verhale uit die Ou- en Nuwe Testament gekies. Dit is dan die kern waaromheen in die volgende skooljare telkens meer besonderhede gegee kan word. In elke skooljaar word die kern dus as sentrum geneem, maar elke jaar word moeiliker dele van die Bybel behandel.

Aan hierdie benadering is heelwat voordele verbonde: Van Duyvendijk en Visser noem die volgende voordele:

1. Die eenvoudigste dele van die Bybel word in die eerste jare behandel, sodat al die kinders dit maklik kan verstaan.
2. Daar is elke jaar 'n gereelde herhaling van die hoofpunte van die Bybel sodat die kern van die Skrif by verlating van die skool goed vasgelê is.
3. Die leerlinge wat genoodsaak is om die skool vroeër te verlaat, kry tog die geleentheid om die vernaamste dele van die Bybel te leer ken.[1] Dit is veral belangrik in bantoeskole waar 'n groot persentasie na Standerd II die skool gaan verlaat.

As ons alles in oënskou neem, is 'n kombinasie van suksessiewe en konsentriese leergango aan te beveel.

Dit/....

1) Van Duyvendijk, P. en Visser, J.B. Schoolopvoeding en onderwijs. p.105.

Dit word in die meeste skole ook toegepas.

Die hele leerstof kan bv. in die Substanderds A en B in twee jaar behandel word. Dan moet in Standerds I en II alles herhaal word, slegs in meer besonderhede en met die klemtoon op die kern.

In die volgende vier jaar gaan ons die leerstof weer twee maal deur, sodat in die primêre skool die Ou- en Nuwe Testament vier maal behandel is.

Die voordele van hierdie gemengde leergang is voor die hand liggend: Tagtig persent van al die bantoeskoolkinders verlaat die Laerskool aan die einde van Standerd II of Standerd VI en sal daardeur die geleentheid hê om die kernwaarhede van die Bybel verskillende male te verneem en in hulle geheue vas te lê. Daar is natuurlik nog ander moontlikhede van behandeling, soos die chronologiese en tematiese wat beide weer suksessief en konsentries toegepas kan word.

Ook wil ons nog die sintetiese en analitiese wyse van behandeling noem. Die eersgenoemde leergang laat eers die geheel sien waarna die onderdele in besonderhede behandel word. Terwyl die sintetiese leergang by die dele begin, en hieruit word langsamerhand die geheel opgebou.

Met hierdie indeling van leergange in gedagte, wil ons Ds. Greyling se leerplan nou nader beskou.

In die/....

In die eerste plek kan ons vasstel dat daar 'n duidelike eenheidsgedagte deur sy leerplan van die primêre en sekondêre skole getrek is.

Word in die primêre skool die liefde van God in al sy aspekte beklemtoon, in die sekondêre skool kry die geloof wat uit die liefde werk weer die aandag.

In die seniorsertifikaatkursus moet die klemtoon, volgens Greyling, weer val op die lewensprobleme van die leerlinge in die moderne wêreld.

Maar daar is volgens ons twee sake wat in die leerplan nie tot hulle volle reg kom nie.

In die eerste plek vind daar byna geen herhaling van die kernwaarhede plaas nie. By 'n deeglike ontleding van die leerplan moet ons tot die gevolgtrekking kom dat Greyling eintlik die suiwer suksessiewe metode gebruik wat hy chronologies ingedeel het.

Die Ou Testament bv. word in vyf jaar deurgewerk sonder herhaling, en as die kind aan die einde van sy sesde skooljaar deur omstandighede nie meer verder kan leer nie, het hy slegs een maal van Abraham of Moses verneem.

In Standerd IV word vir die tweede maal die bekendste feite behandel met die oog op die historiese perspektief en om die geskiedkundige volgorde nie uit die oog te verloor nie.

In Standerd V en VI word weer ander dele beklemtoon, bv. Die rol van Jerusalem in die Ou- en Nuwe Testament, die tyd tussen die Ou- en Nuwe Testament en die profete.

Die gevaar bestaan dat die leerstof nie voldoende vasgelê is nie en wanneer die leerling in die hoërskool kom, sal hy baie min van die Bybel ken, te meer daar die meeste leerlinge by die huis ook geen Bybelonderrig ontvang nie. Die verskillende kerkgenootskappe probeer in 'n mate hierdie leemte vul, maar die meeste lê die nadruk weer op kategetiese onderrig as op Bybelkennis.

In die tweede plek bestaan die gevaar dat die heilswaarhede wat die sentrale plek in die Ou- en Nuwe Testament inneem, nie die aandag kry wat dit behoort te kry nie en dat slegs een bepaalde onderdeel benadruk word, nl. in die primêre skool die liefde van God en in die sekondêre skool die geloof.

Ons kan die gedagtes van Greyling in ons leerplan invleg, maar ter selfdertyd in elke standerd die heilsfeite van die Ou- en Nuwe Testament as kernwaarhede neem wat elke jaar weer herhaal moet word.

Volgens Van Duyvendijk en Visser het 'n gemengde metode van suksessiewe en konsentriese leergang, soos Lankamp dit vir Christelike skole in Nederland uitgewerk het, nog altyd die beste resultate opgelewer. 1)

Die/....

1) Van Duyvendijk, P. en Visser, J.B. Schoolopvoeding en onderwijs. p.116.

Die laerskool in Nederland bestaan uit ses leerjare, wat Lankamp in vier leerkringe verdeel, nl. 'n leerkring vir die eerste skooljaar, vir die tweede jaar, 'n leerkring vir die derde en vierde jaar bymekaar en ten slotte 'n leerkring vir die vyfde en sesde jaar saam. As die leerling deur die laerskool is, het hy dus vier maal die Bybel deurgewerk, telkens met die nodige herhaling en uitbreiding.

Die leerplan vir Godsdiensonderrig wat in die Transvaalse Onderwysdepartement ingevoer is, is ook nie geskik vir Bantoeskole nie, omdat dit eintlik ook die suksessiewe leergang toepas en daar tot en met Standerd II geen herhaling plaasvind nie. Hoewel die Bybel in Standerd III van die begin af weer deurgewerk word, vind daar tot en met Standerd VIII geen herhaling plaas nie en moet daar elke jaar 'n nuwe gedeelte bespreek word. [1)]

Omdat die opvoedkundige taak van die bantoe-onderwyser waarskynlik groter is as die van die blanke onderwyser het hy ook 'n groter verantwoordelikheid ten opsigte van die godsdienstige opvoeding van die kinders wat aan hom toevertrou is. [2)]

In die vak, Godsdiensonderrig sal hy hom nie net met die blote feite tevrede mag stel nie, maar moet hy

'n/.....

1) Transvaalse Onderwysdepartement. Voorgestelde leerplanne van die Grade tot Standerd VIII.p.4-17.
2) Sien Hoofstuk III.

'n definitiewe boodskap bring wat die kinders kan verstaan en wat vir hulle ewigheidswaarde het. Om dit te kan verwesenlik, sal 'n nuwe skematiese maar ook makliker leerplan in die bantoeskole gevolg moet word.

Die indeling van Bijlsma sal met die nodige veranderings met goeie gevolg in die bantoeskole toegepas kan word. Soos reeds voorgestel kan die agt jaar van die laerskool in vier tweejarige leerkringe verdeel word met as kern die heilsfeite van die Ou- en Nuwe Testament wat in elke leerkring herhaal en meer in besonderhede vertel kan word.

Die Ou- en Nuwe Testament moet deur middel van die heilswaarhede rondom Jesus Christus as 'n eenheid saamgesnoer word. Die onderwyser moet eers self verstaan waarom Jesus Christus die middelpunt moet wees en waarom alles in Hom vervul is, voordat hy 'n Bybelvertelling kan waag.

Bijlsma wys so mooi daarop dat die woord "vervul" twee woordstamme het. Die eerste woordstam beteken "iets volgiet, iets volmaak". Die tweede woordstam beteken: "sy bestemming bereik", of "tot sy doel kom." In die Ou Testament staan die eerste betekenis meer op die voorgrond. Bijlsma vergelyk die Ou Testament met 'n toneel waarin al die persone en gebeurtenisse/.....

gebeurtenisse ŉ plek kry, sodat aan die einde van die ou bedeling die toneel vól staan met al die heilsdade van God en dit daarna sy hoogtepunt bereik in die geboorte van Jesus Christus wanneer die hele verhoog vól staan.

In die Nuwe Testament kom alles weer in beweging, maar nou rondom Christus en dan begin die tweede woordstam van die woord "vervulling" meer aandag te kry, omdat alles nou na ŉ vaste doel toe beweeg. Almal is op pad na die groot einddoel, die volheid van die koninkryk van God. 1)

Daardie ryk gedagte van die woord "vervul", om nl. ŉ plek te kry in die geweldige gebeurtenisse van die Ryk Gods op aarde moet ook in die Bybellesse die volle aandag geniet.

As die onderwyser hierdie kerngedagte in die oog hou en dit gereeld beklemtoon, sal die Bybel vir hom nuwe betekenis kry en sal hy baie beter in staat wees om die heilsfeite in die regte verband te sien en aan die kinders te verduidelik.

Die bantoe-onderwyser wat tegelykertyd ook ŉ Christen is, sal nie alleen sy verantwoordelikheid teenoor die kind besef nie, maar hom ook teenoor die hele gemeenskap, met wie hy elke dag in aanraking kom, verantwoordelik voel. Hy sal insien dat hy ŉ

missionêre/....

1) Bijlsma, R. De Bijbelles op de lagere school. p.412.

missionêre taak het en die boodskap van heil ook wil oordra aan die ouers waarvan die grootste deel miskien nog ongeletterd is.

Die samewerking tussen skool en kerk wat tot 1956 nog so heg en sterk was, moet weer herstel word. Die kerk kan moontlik met behulp van onderwysers ouerkursusse reël waarin die Christelike beginsels op eenvoudige wyse aan die ouers vertel word. Die eenheidsgedagte rondom die heilsfeite moet ook aan hulle beklemtoon word.

Die onderwyser wat in die opleidingskolleges die regte agtergrond ontvang het en wat die juiste metodes kan toepas, sal by daardie kursusse 'n groot rol moet speel want dit is hulle wat die Bybelse boodskap waarskynlik duideliker aan die ouers kan oordra as die bantoepredikant wat nie die opvoedkundige opleiding geniet het nie.

Nie elke onderwyser sal tot hierdie ekstra taak geneë wees nie. Maar as hy besef dat elke Christen eintlik 'n missionêre taak het en priester, profeet en koning moet wees, sal hy met vreugde die kerk ter syde wil staan.

As die ouers eenmaal die kerngedagte van die Bybel verstaan en as waarheid erken, sal die kerk verder kan gaan en die ouers kan wys op die groot

verantwoordelikheid/....

verantwoordelikheid teenoor hulle kinders, sodat hulle ook die blye boodskap van God met graagte aan hulle wil deurgee. Op daardie manier kan daar weer ŉ pragtige samewerking tussen kerk, huis en skool ontstaan wat die skool in alle opsigte ten goede sal kom.

Hierdie samewerking is veral noodsaaklik in onontwikkelde gebiede waar die grootste deel van die ouers nog ongeletterd en heidene is. Die kerk sal daardie braak veld nie alleen kan behartig nie, maar met behulp van ŉ groep geesdriftige onderwysers kan veel bereik word om aan die ouers van die kinders die Christelike beginsels te verduidelik.

Weber, wat jare lank onder die ongeletterdes in Indonesië gewerk het, het ŉ spesiale audio-visuële metode ontwikkel wat met groot welslae deur hom toegepas is. 1) Hy maak veral gebruik van eenvoudige sketse om die heilsweg kort en pakkend te laat sien. Hierdie metode is nie alleen geskik vir ongeletterdes nie, maar kan ook met goeie gevolg in die bantoe laerskole toegepas word, veral as die konsentriese leergang in vier leerkringe gevolg word en die sketse in elke leerkring herhaal word.

(h) <u>Die kind en die Bybelles.</u>

Daar is nog ŉ ander rede waarom ons die leerplan vir/....

1) Weber, H.R. The communication of the Gospel to illeterates. pp.112-119.

vir Godsdiensonderrig in vier twee-jarige leerkringe wil verdeel.

Die motief is nie slegs om die nodige herhaling te kry nie maar veral om die leerstof by die leeftydsfase van die kind aan te pas. Daarom wil ons kortliks probeer vasstel waarop die nadruk in elke leerkring moet val.

Ons wil dit in besonderhede behandel, omdat van die student aan die bantoe opleidingskole verwag word om die leerplan van die bantoe laerskole volledig te ken en toe te pas. Iets anders word eintlik in die vak Godsdiensonderrig van hulle nie verwag nie.

(1) Die eerste leerkring.

Die vyf- tot agtjarige kind verskil radikaal van die voorskoolse kind. Marjorie Soderholm noem 'n groot aantal kenmerke waarvan ons 'n paar wil aanhaal wat spesiaal vir die godsdiensonderwyser van belang is.[1)]

(i) Sy verstandelike vermoëns.

Wat sy verstandelike vermoëns betref kan ons die volgende kenmerke noem:

(a) Sy aandagspan is nog klein en hy kan dus nog nie lank aaneen na 'n verhaal luister nie.

(b) Sy redenasie vermoë is nog swak en hy kom dikwels tot verkeerde konklusies.

(c) Hy/....

1) Soderholm, Marjorie El. Understanding the pupil. Part II. p.34.

(c) Hy lewe in die hede en die verlede en die toekoms het vir hom nog min betekenis.

(d) Sy nuuskierigheid is gou geprikkel.

(e) Hy het ŉ besonder ryk verbeelding.

(f) Hy besit al ŉ taamlike sterk geheue.

(g) Hy neem alles letterlik op en verstaan nog nie simboliese taal nie.

(ii) Sosiale kenmerke.

(a) Hy wil graag met ander speel.

(b) Hy word meer en meer ŉ sosiale wese wat besig is om sy egosentrisiteit te verloor.

(c) Hy respekteer die gesag. Op skool leer hy dat daar buite die gesag van die ouers nog ander gesagsdraers is en dat die hoogste gesagsdraer God is. Dit is veral belangrik dat daar ŉ band van vertroue tussen die kind en sy onderwyser groei. Daardie vertroue sal hy dan makliker op die goddelike gesagsdraer oordra sodat daar al spoedig eenheid in sy lewe ontstaan.

(iii) Emosionele kenmerke.

(a) Hy word maklik opgewonde en daarom moet hy in ŉ kalm atmosfeer opgroei.

(b) Hy word gou vreesbevange en daarom is dit noodsaaklik om hom ŉ gevoel van veiligheid en sekerheid te gee.

(iv) Godsdienstige kenmerke.

(a) Hy het nog geen kritiese houding nie en glo sy ouers en onderwysers nog onvoorwaardelik. Hy is dus maklik beïnvloedbaar.

(b) Sy geloof in die gebed is nog ongeskok. Hy bid veral vir die verwesenliking van sy persoonlike verlangens en glo dat sy gebede verhoor sal word.

(c) Sy Godsbegrip groei en daar kom langsamerhand 'n persoonlike verhouding tussen hom en God.

(v) Breë trekke van die leerplan.

Met hierdie kenmerke voor oë kan die leerplan vir die eerste leerkring opgestel word.

Die heilsfeite in die Ou- en Nuwe Testament moet as kern geneem word en ons behoort die verhale so uit te kies dat hulle binne die bevattingsvermoë van die kind val.

Van die Skepping en die sondeval wat op kinderlike wyse vertel moet word, kan dadelik die roeping van Abraham bespreek word om daaruit aan te toon dat God die wêreld nie aan sy lot oorgelaat het nie, maar sy liefde jeens ons bewys het deur iemand te roep wat sy naam aan die mensheid bekend moes maak.

Omdat die oorsaaklike verband in hierdie leerkring nog nie in alle besonderhede uitgewerk hoef te word nie, kan na 'n paar lesse na Josef in Egipte gegaan word met as klimaks die uittog van Israel uit Egipte. Die goue draad wat via Abraham na die uittog uit Egipte lei, kan dan duidelik aangetoon word.

Die/.....

Die volgende heilsfeit is die wetgewing op die berg Sinaï waaromheen ŉ paar bekende verhale uit die woestynreis gewewe kan word. Deur sy wet leer God die mens om te gehoorsaam en na Hom te luister. As die mens ongehoorsaam is, is God genoodsaak om hom te straf.

Die vestiging van die volk in Palestina is die volgende hoogtepunt. God verlaat Sy volk nie, maar gee Israel ŉ permanente plek om in te woon. Hulle moet Hom daar eer bewys, gehoorsaam en liefhê om sodoende Sy naam aan die wêreld te openbaar.

In sy groot liefde laat God ook toe dat daar ŉ aardse koning kom, al bly Hy die groot Koning van Israel. Die ongehoorsame koning word verwerp en God kies Sy kneg Dawid. ŉ Paar mooi verhale uit daardie stryd kan gekies word om te bewys hoe die Here Dawid voorspoedig gemaak het, omdat hy Hom liefgehad het. Met hierdie geslag van Dawid het God ŉ verbond gesluit om Sy koningskap op aarde as't ware voor te berei.

Hoewel die Israeliete keer op keer ongehoorsaam was en God hulle telkens moes straf, het Hy altyd ŉ loot uit die Dawidiese geslag oorgelaat, sodat dit kon uitloop op die laaste telg: Jesus Christus.

Van daaruit is dit maklik om die Nuwe Testamentiese heilsfeite te vertel en die kinders saam te neem via Betlehem, na die Kruis, Opstanding en Hemelvaart van Christus.

Om/....

Om die klimaks te verkry, moet aan die einde van hierdie leerkring ook op kinderlike wyse vertel word dat God na die hemelvaart die wêreld nie aan sy lot oorgelaat het nie, maar dat Hy op Pinksterfees teruggekom het en deur Sy Heilige Gees in elkeen se hart wil kom woon.

Nou word ons almal in beweging gebring en neem Hy elkeen saam na die groot voleinding wat eenmaal sal kom. Dit is dan die finale vervulling, wanneer die wêreld dus deur Christus na sy doel, na sy endbestemming, gelei sal word.

(vi) Metodes by die eerste leerkring.

Omdat die kind in hierdie fase nog nie lank kan stilsit nie, moet die vertelling self kort wees en moet ook van ander metodes gebruik gemaak word.

As hy op 'n later leeftyd vloeiend kan lees, moet die verhale so nou en dan deur die kinders self uit die Bybel gelees word. Maar dit kan in geen geval in hierdie vroeë stadium gebeur nie.

Afwisseling in die Bybelles kan ook verkry word deur die sogenaamde flaneletmetode toe te pas of die kinders prentjies te laat kleur of inplak.

Omdat veral die bantoekinders van dramatisering hou en baie van hulle gebore nabootsers is, kan sommige verhale uit die Ou Testament deur die

kinders onder toesig van die onderwyseres gespéél word. Die kinders geniet dit besonder baie en hulle beskou gewoonlik die spel as doodernstig. Die bantoes in die algemeen hou van beweging en ritme. In hulle musiek en dans kom dit besonder tot uiting. Van hierdie ingebore gawe kan die onderwyser gerus gebruik maak. Ons moet net oppas dat daar niks belagliks in die dramatisering van die verhaal voorkom nie.

In die kort vertelling speel die onderwyseres natuurlik die groot rol. Sy moet n ryk verbeelding hê en elke verhaal eers in haar geestesoog sien. Dan moet sy in eenvoudige woorde die verhaal só aan die kinders skilder dat hulle die gebeurtenis voor hulle oë sien afspeel. Sy moet ook van die nodige gebare gebruik maak, sodat die vertelling in werklikheid deur haar gedramatiseer word.

Om die verhale nog lewendiger te maak, moet dit altyd uit die oogpunt van een of ander hoofpersoon vertel word en sy moet so veel moontlik die teenwoordige tyd gebruik.

Die kinders hou baie van sing en die periode vir Bybelonderrig moet altyd vergesel gaan met die sing van n paar geestelike liedere. Dit sal al dadelik die regte atmosfeer skep om die kinders te laat besef dat Godsdiensonderrig n besondere vak is.

(2) Die/....

(2) Die tweede leerkring.

In die tweede leerkring kry ons weer met 'n ander tipe kind te doen. Die leeftyd van hierdie fase wissel gewoonlik van 8 tot 10 jaar. Op skool het hy sy rigting al gekry en gaan hy sy gelukkigste skooljare in. Hy is vol energie en lewe en belus op avontuur.

(i) Sy verstandelike vermoëns.

Wat sy verstandelike vermoëns betref is hy nou gretig om sy kennis uit te brei. Sy denkvermoë ontwikkel snel en hy besit 'n goeie geheue.

(ii) Sy sosiale kenmerke.

Hy word meer en meer sosiaal en hou van groepvorming. Hy wil graag uitblink en hou daarvan om met ander kinders te kompeteer. Heldeverering begin nou ook 'n groot rol in sy lewe te speel. Die groot figure uit die Ou Testament, soos Gideon, Simson, Dawid, Goliat, ens. het sy volle belangstelling.

(iii) Sy emosionele kenmerke.

Hoewel hy gou geïrriteerd kan raak as hy beledig voel, is hy taamlik gelykmatig en sy emosionele lewe gebalanseerd.

(iv) Sy godsdienstige kenmerke.

Wat sy godsdienstige lewe betref, is hy nugter en begin al vrae te stel oor die inhoud/....

inhoud van die Bybel en oor die waarhede van die Christendom. Emosies speel in sy godsdienstige lewe nog geen rol nie. [1]

(v) Die leerplan in die tweede leerkring.

In die eerste twee jaar van sy skoollewe het die onderwyser in breë trekke die Ou- en Nuwe Testament met hom deurgegaan, sodat hy al weet dat Christus die sentrum van die hele Skrif is.

In hierdie tweede leerkring begin ons opnuut en laat weer die klem op die groot heilsfeite val. Hoewel daar herhaling sal voorkom, kan daar ook ander verhale rondom die heilsfeite vertel word.

Omdat die meeste kinders gedurende hierdie leeftydsfase begin om logies te redeneer, kan die onderwyser die verband tussen die verskillende dele begin lê. Die kind hou van die avontuurlike en die volkswording van die Israeliete wat onder baie gevaarlike en moeilike omstandighede plaasgevind het, sal sy volle aandag kry.

Maar in die vertelling mag nooit die hoofdoel van die verhaal uit die oog verloor word nie, en die goue draad van Gods openbaring moet duidelik geteken word. Die onderwyser moet telkens laat sien dat God 'n plan met die lewe van die volkere het en dat alles in Jesus Christus kulmineer.

Die/....

1) Soderholm, Marjorie, El. Understanding the pupil.p56

Die kind stel nou ook veel meer belang in besonderhede, sodat die onderwyser die verhale nog interessanter en lewendiger kan vertel.

Omdat die kind op hierdie leeftyd so maklik uit sy hoof leer, kan heelwat bekende Bybelgedeeltes gememoriseer word. Die vertelling behoort by die tweede leerkring hoofsaak te wees. Deur alles lewendig uit te beeld, kry die meeste verhale weer nuwe betekenis en sal die kinders gewoonlik met gespanne aandag na die onderwyser luister.

Die vertelling kan verder deur middel van Bybelse prente en die flaneletmetode aanskoulik voorgestel word. Die Bybel moet egter nooit in ŉ sprokiesboek verander nie, en die onderwyser moet gereeld beklemtoon dat die Skrif die Boek van God is waarin ons Sy dade moet sien. God se liefde en barmhartigheid teenoor Sy volk moet ook gereeld in die vertelling uitkom, mits dit maar nie emosioneel beklemtoon word nie.

Om die self-aktiwiteit van die kind tegemoet te kom, kan sommige gedeeltes gedramatiseer word, Omdat die versameldrif in hierdie jare begin ontwikkel, kan ons op hierdie leeftyd ook daarvan gebruik maak deur hulle aan te moedig om ŉ soort Bybelalbum saam te stel uit prentjies en tekeninge.

Die regte atmosfeer kan ook weer geskep word

deur/....

deur die sing van een of meer geestelike liedere aan die begin en einde van die les.

'n Groot gedeelte van die bantoekinders verlaat teen Standerd II die skool, maar omdat die Bybel twee maal deurgegaan is, en die heilsfeite wat almal na Christus wys, duidelik geteken is, het al die kinders iets ontvang wat hulle nie maklik weer sal vergeet nie.

(3) Die derde leerkring.

Die hoër primêre kursus gaan in bantoeskole van Standerd III tot en met Standerd VI en kan ook vir die vak, Godsdiensonderrig in twee leerkringe verdeel word.

Die skoolkind in Standerd III en IV is nou tussen 10 en 12 jaar en bevind hom in die laaste fase voor die puberteitsleeftyd.

(i) Sy verstandelike vermoëns.

Sy geheue is besonder goed en bevind hom op die hoogtepunt van ontwikkeling.

Hy kan al vir homself dink en iets uitredeneer. Hy wil reeds onafhanklik wees, die onderwyser moet dus meer as 'n leier optree wat raad wil gee. Hy moet ook besonder taktvol wees en dikwels die kind so suggereer asof die inisiatief van die kind self uitgaan.

(ii) Sy sosiale kenmerke.

Hy aanvaar nou verantwoordelikheid en dit is

sterk/....

sterk aan te beveel dat aan die kinders spesiale pligte opgedra word.

Hy bevind hom nog in die gelukkige toestand dat sy seksuele instinkte nog nie ontwaak het nie en hy dus nog geen besondere belang in die teenoorgestelde geslag stel nie.

(iii) Sy emosionele kenmerke.

Hy is oor die algemeen besonder moedig en ken min vrees. Hy is gelykmatig en hou nie daarvan om met sy emosies te koop te loop nie.

(iv) Sy godsdienstige kenmerke.

Wat sy godsdienstige lewe betref, begin hy al in te sien wat sonde is en die belangrike heilsfeite sal meer waarde vir hom kry. Hy vind dit regverdig as God gereeld die Israeliete om hulle sondes moet straf.

(v) Die leerplan en toegepaste metodes.

As die onderwyser bogenoemde kenmerke weer voor oë hou, sal hy die leerplan makliker kan uitwerk en in sy vertelling die aksent op die regte plek kan laat val.

Ons probeer om in hierdie derde leerkring weer die hele Bybel deur te gaan en laat die heilsfeite uit die Ou- en Nuwe Testament weer sterk op die voorgrond kom. Die sonde, die gevolge van die sonde en die verlossing in Jesus Christus behoort hy aan die einde van hierdie leerkring al goed te verstaan.

Omdat sy aandagspan al wyer word en hy al langer op ŉ saak kan konsentreer, moet die Bybelperiode tot 30 minute uitgebrei word. In hierdie twee jaar kry die vertelling weer die volle aksent. Hy hou van ŉ mooi verhaal en die onderwyser kan nou al heelwat meer besonderhede gee as in die laer primêre skool. Die moeiliker verhale moet nou ook ŉ beurt kry.

Een periode per week kan in hierdie jare afgestaan word aan Bybellees, nie net van dele wat die onderwyser in die leerplan behandel nie maar ook sommige bekende hoofstukke uit die Psalms, profete en Nuwe Testament.

Hy leer maklik en daarom is dit aan te beveel om sekere gedeeltes uit die hoof te laat leer. Elke les kan weer afgesluit word met die sing van ŉ paar geestelike liedere.

(4) Die vierde leerkring.

Die laaste twee jaar van die bantoekind in die hoër primêre klasse is baie belangrik. Daarom moet aan die vak, Godsdiensonderrig ook die grootste aandag bestee word. Nie alleen omdat ŉ groot gedeelte van die leerlinge hulle skoolloopbaan afsluit nie, maar die 12 tot 15 jarige kind tree nou ŉ nuwe fase in sy lewe binne, nl. die puberteitsleeftyd.

As die onderwyser vir die vierde maal die Bybel

deurgaan/....

deurgaan, moet hy met die eienaardighede van die vroeë puberteitsleeftyd terdeë rekening hou.

Die puber is 'n vat vol teenstrydighede en deur sy vinnige groei is hy dikwels te bewus van sy eie liggaam en tree hy lomp en onhandig op.

(i) Sy verstandelike vermoëns.

As ons sy verstandelike vermoëns in oënskou neem, sien ons dat hy alles eers graag wil uitredeneer voordat hy dit uit die hoof gaan leer.

Hy is ook al in staat om juiste oordele te vel.

Sy verbeelding begin nou 'n ander rigting inslaan omdat hy dikwels met homself besig is. Hy besef dat hy begin volwasse word en wil daarom nie meer as 'n pure kind behandel word nie. Hy hou daarvan om gewigtige dinge te doen en oor abstrakte probleme te redeneer.

(ii) Sy sosiale kenmerke.

Omdat hy dikwels selfbewus is, voel hy hom tog nie heeltemal tuis by 'n groep volwassenes nie.

Hoewel hy sterk sosiaal aangelê is, hou hy soms daarvan om alleen te wees en sy eie probleme te oordink.

(iii) Emosionele kenmerke.

Deur die ontwaking van sy seksuele emosies voel hy dikwels onseker. Sy emosionele lewe is ook

intens/....

intens en wissel na gelang van die verskillende stemminge waarin hy verkeer.

(iv) Sy godsdienstige kenmerke.

Hy is baie beïnvloedbaar en by die godsdienstige opvoeding kan die onderwyser daar dankbaar gebruik van maak.

Hy wil graag sy godsdiens uitlewe en voel meestal sy baie tekortkomings.

Hy is 'n idealis en wil iets vir sy kerk en volk doen.

In hierdie tyd vind die meeste godsdienstige veranderings plaas. Óf hy breek alle bande met die godsdiens, omdat hy aan alles twyfel, óf hy vind hoe langer hoe meer steun aan die Bybelse waarhede, omdat hy die sekerheid en veiligheid daarin vind wat hy langsamerhand besig was om te verloor.

Die onderwyser kan in hierdie leeftyd 'n geweldige steun vir hom wees en die puber moet veral godsdienstige leiding kry om 'n vaste fondament in sy lewe te bekom.

(v) Die leerplan en metodes.

As die onderwyser vir die vierde maal die Bybel deurgaan, moet hy weer grondig rekening met die besondere kenmerke van die puber hou.

Al die verhale word weer rondom die heilsfeite gerangskik/....

gerangskik maar nou kan die persoonlike element meer beklemtoon word, omdat die jong adolessent hom dikwels afvra watter betekenis dit alles vir hom het.

As die onderwyser die regte leiding gee, sal die puber hoe langer hoe meer die waarde van die Bybel besef en nou die Skrif as die geopenbaarde wil van God beskou wat tot hom persoonlik spreek en hom wil help in sy moeilike lewensprobleme.

Die groot heilsfeite moet dus rondom die hoofpersone uit die Bybel geteken word en die onderwyser moet duidelik laat sien hoe hulle gereageer het op die roeping van God.

Omdat die puber nog altyd 'n heldevereerder is, sal die karaktertekening van Bybelpersone van groot betekenis wees. Die karaktersketse moet egter nooit as losstaande verhale geskilder word nie, maar altyd aan die goue draad van heilsfeite geskakel word wat dwarsdeur die Bybel loop.

In die laaste leerjaar kan die missionêre taak van die Christen beslis beklemtoon word. Dit kan gedoen word na aanleiding van die gebeurtenisse wat rondom die lewens van Petrus en Paulus plaasgevind het en wat so skilderagtig in die Handelinge van die Apostels opgeteken is.

Onder die bespreking moet die leerling dan antwoord probeer gee op die vraag: Wat verwag God van/....

van my as ek met mense in aanraking kom wat nog nooit van Hom gehoor het nie?

Ook in hierdie leerkring kan die vertelmetode met vrug gevolg word, al moet daar opening gelaat word vir 'n bespreking van die vertelde gedeelte sodat daar 'n gesprek tussen die onderwyser en die leerling kan ontstaan.

Die Bybel moet veral in hierdie twee jaar in die sentrum staan en daar moet veel gebruik gemaak word van die leesmetode. Dit moedig die leerlinge aan om self gereeld die Bybel te lees en self te ondersoek watter boodskap en taak God vir hulle het.

(5) Godsdiensonderrig in die Juniorsertifikaatkursus.

Voor ons oorgaan tot die bespreking van die leerplan in die onderwyserskursusse, moet daar kortliks oorgegaan word tot die voorgestelde inhoud van die vak godsdiensonderrig in die Juniorsertifikaatkursus, wat in bantoeskole uit drie jaar bestaan.

Die werk sal hier in twee leerkringe verdeel moet word:

(i) Vorm I wat as toelating vir die Laer Primêre Onderwyserskursus vereis word.

(ii) Die Vorms II en III moet as een leerkring behandel word. Aan die einde van hierdie kursus skryf die leerlinge die amptelike

Junior/.....

Juniorsertifikaateksamen wat weer 'n vereiste is om toegelaat te word tot die Hoër Primêre Onderwyserskursus.

(i) <u>Die leerplan in Vorm I en metodes wat toegepas kan word.</u>

Vorm I moet meer as 'n herhaling van die laerskoolwerk beskou word met in agneming van die leeftyd van die leerlinge.

In breë trekke moet weer deur die openbaringsgeskiedenis gegaan word. Ook hier kan die persone wat 'n belangrike rol in die heilsgeskiedenis gespeel het op die voorgrond kom en die onderwyser kan die leerlinge laat insien op watter wonderlike wyse hulle deur God gelei is om Sy goddelike plan ten uitvoer te bring.

Alles moet weer uitloop op Christus en uitgaan van Christus om die eenheid te verkry. Die liefde van God en die geloof wat Hy in die harte van die mense bewerk, moet in hierdie leerkring ook sterk beklemtoon word.

Die vertel- en leesmetode kan beide met goeie gevolg toegepas word.

Omdat die geheue op die hoogtepunt van ontwikkeling gekom het, is dit weer aan te moedig om verskillende bekende gedeeltes uit die Ou- en Nuwe Testament van buite te laat leer.

(ii) Die/....

## (ii) Die leerplan in Vorms II en III met kenmerke van die puber.

In Vorms II en III kan die abstrakter begrippe uit die heilsgeskiedenis bespreek word, al moet die goue draad wat al die heilsfeite uit die Ou- en Nuwe Testament aanmekaar bind nooit uit die oog verloor word nie.

Ds. Greyling wil in hierdie twee jaar in die besonder die magtige dade van God beklemtoon wat uitloop op die verlossing in Jesus Christus. 1)

In die Ou Testament kan veral die werk van die profete behandel word, bv. Moses, Natan, Elia, Elisa, maar ook die groot profete Jesaja, Jeremia, Esegiël en Daniël en die rol wat sommige van die sogenaamde klein profete in die openbaringsgeskiedenis gespeel het. Ook kan op die verskil tussen die take van profeet, priester en koning gewys word.

Om aan die leerlinge 'n deeglike agtergrond van die Bybel te gee, kan een periode per week aan Bybelse Aardrykskunde en Oudheidkunde bestee word.

Dit sal miskien ook van belang wees om 'n kort oorsig te gee van die periode tussen die Ou- en Nuwe Testament. bv. Die ryk van Alexander die Grote, Israel onder die Siriërs, die Makkabeërs en hoe die Romeine die land Palestine in besit geneem en bestuur het.

In/....

1) Leerplanne vir Junior Sertifikaat. p.55.

In Vorm III kan ook 'n periode afgesonder word om die hooftrekke uit die Kerkgeskiedenis te behandel met die klem op persone wat in die ontwikkeling van die kerk 'n belangrike rol gespeel het. bv. Konstantyn die Grote, Augustinus, sommige Pouse, Huss, Luther, Calvyn, ens.

Verder moet die uitbreiding van die kerk in die heidenlande behandel word, waar veral die christianisering van die bantoes die nadruk moet kry met 'n spesiale klem op die taak van elke Christen teenoor die heiden met wie ons elke dag in aanraking kom.

Die onderwyser moet onthou dat hy met die 14- tot 17-jarige kind in die middel van die puberteitsleeftyd te doen het. Ons wil kortliks sommige kenmerke van die puber noem:

1. Sy verstandelike ontwikkeling het nou die hoogtepunt bereik en hy geniet dit om oor abstrakte probleme te redeneer en 'n oplossing te vind.
2. Hy is 'n idealis en het 'n skeppende gees wat graag planne ontwerp en probeer uitvoer.
3. Hy lewe nie meer slegs in die hede nie, maar stel baie belang in die verlede en die toekoms.
4. Hy is besonder ontvanklik vir suggesties van ouer persone vir wie hy idealiseer.
5. Die groepinstink is besonder sterk en hy hou daarvan om aan allerlei verenigings en klubs te behoort.

6. Hy/....

6. Hy voel hom meer en meer mens en hou daarvan om ander te help.
7. Hy stel nou baie belang in die teenoorgestelde geslag. Sy emosies is egter nog baie intensief en wisselvallig.
8. Hy soek nog altyd na sekerheid en veiligheid en die onderwyser moet hom laat sien dat hy dit alleen in God kan vind.
9. Sy godsdiens het 'n persoonlike inslag en hy soek na mense wat dit uitlewe. Ook is sy godsdienstige lewe baie emosioneel getint en dikwels aan twyfel onderhewig.

Met inagneming van al hierdie persoonlike kenmerke kan die godsdiensonderwyser 'n geweldige invloed op die kind se lewe uitoefen.

Omdat in al die hoërskole vakonderwysers aangestel is, is dit van die grootste belang dat die prinsipaal die regte persoon vir die vak, godsdiensonderrig verantwoordelik maak. Want hý is die man wat die karakter en die godsdienstige ontwikkeling van die kind in die regte bane kan lei.

(6) Godsdiensonderrig aan die Opleidingskolleges.

As die onderwysers in die laer- en hoërskole hulle plig gedoen het, behoort die leerlinge wat tot die opleidingskolleges toegelaat word al 'n deeglike kennis van die Bybel te hê en 'n begrip van die belangrikheid van die heilsfeite wat as 'n goue draad deur die Skrif loop.

Helaas/....

Helaas is dit nie die geval nie. Die Skrifkennis van die leerlinge aan die opleidingskolleges is uiters beperk en die openbaringsgedagte van die Bybel is vir die meeste nog duister. Hulle ken miskien verskillende losstaande verhale uit die Ou- en Nuwe Testament, maar die groot verband in dit alles sien hulle nie.

Miskien lê die fout daarin dat die suksessiewe metode in Godsdiensonderrig gevolg word, sodat daar te min herhaling plaasgevind het.

In die meeste gevalle is dit ook te wyte aan die feit dat die onderwysers in die laer- en hoërskole self die Bybel nie verstaan nie en dus ook nie in staat is om die leerplan op die regte manier te interpreteer nie.

Daar is nog te min naslaanwerke om aan die bantoe-onderwysers die nodige leiding te gee. Hulle is dus net afhanklik van die Bybel wat hulle nog te veel as losstaande verhale beskou maar waarvan hulle die dieper betekenis nie verstaan nie.

In die opleidingskolleges val die nadruk meer op die metodiek as op die inhoud. Maar die dosent in Godsdiensonderrig moet tog die hele inhoud van die leerplan van die laerskool vanaf Substanderd A tot en met Standerd VI met sy studente bespreek. Hulle

behoort dus aan die einde van die kursus volledig op die hoogte te wees van die grondgedagte van die hele Bybel en die hooftema vir elke Standerd.

Verder word die doeleindes van die verskillende gedeeltes uit die leerplan ook met die studente behandel, want in die loop van die tweejarige kursus moet hulle verskillende lesse self gee, wat dus veronderstel dat hulle die dieper betekenis en die bedoeling van sekere verhale in die woorde moet kan weergee.

Omdat die Opleidingskursus vir onderwysers uit 16 vakke bestaan, kan daar nie meer as twee periodes per week vir Godsdiensonderrig beskikbaar gestel word nie. Dit is dus uiters moeilik om in so 'n kort tydsbestek alles te behandel, te meer omdat daar heelwat tyd in die opleidingskool opgeneem word deur praktiese onderwys en eksamens.

Indien die konsentriese leergang in vier leerkringe in die laerskool gevolg sou word, sou dit die taak van die dosent in Godsdiensonderrig heelwat vergemaklik. Want die bespreking van die inhoud van die leerplan kan dan nie te veel tyd in beslag neem nie. Die enigste waarop die dosent dan klem moet lê, is hoe om die inhoud vir die verskillende leerkringe te interpreteer met inagneming van die leeftydsfases.

Dit/....

Dit gee hom ook weer die geleentheid om aan sy leerlinge te verduidelik hoe die hele Bybel as 'n eenheid gesien moet word waarvan die hoofgebeurtenisse rondom die heilsfeite gekonsentreer is. Die student sal dan besef dat in elke leerkring die aksent op dieselfde ewige waarhede val en dat dit telkens weer deur verskillende verhale geïllustreer kan word. Die besonderhede van elke verhaal behoort hy verder in die Bybel te bestudeer en die dieper betekenis van sommige moeilike gedeeltes kan hy uit een of ander Bybelse handleiding kry.

Vir die dosent bly daar dan nog voldoende geleentheid oor om die verskillende metodes te bespreek wat in die vier leerkringe gebruik kan word en waarop die nadruk in elke leeftydsfase moet val.

(i) Die verskillende metodes wat toegepas kan word.

As die onderwyser eenmaal bepaal het watter pad hy jaarliks moet volg om sy doel te bereik, is die volgende probleem op watter manier hy die lesse moet aanbied.

Van Duyvendijk en Visser noem dit die leervorm wat dus altyd moet kom nadat die leergang vasgestel is. 1)

Hy onderskei twee hoofleervorme, nl.

(1) Die/....

1) Van Duyvendijk, P. en Visser, J.B. School- opvoeding en onderwijs. p.108.

(1) Die mededelende leervorm, waarin die onderwyser meestal alleen aan die woord is.

(2) Die opwekkende leervorm.

By die opwekkende leervorm moet die leerlinge op een of ander manier die leerstof weergee en is hulle dus meer aktief.

Al lyk dit of by die mededelende leervorm die leerlinge totaal passief is, kan die onderwyser deur sy manier van lesgee die belangstelling van die kinders so opwek dat hulle saam met hom dink en saam met hom alles doen. Hy moet dus in staat wees om die gees van die kind te aktiveer.

Beide leervorms kan weer in drie onderdele gesplits word:

(1) Die mededelende leervorm kan verdeel word in:

(i) Die monologiese leervorm wat weer uit die verklaarmetode en die vertelmetode bestaan.

(ii) Die deiktiese of aantonende leervorm.

Die onderwyser doen iets voor of dramatiseer en die leerling moet dit nadoen.

Hierdie leervorm kan in verskillende vakke toegepas word. Bv. Die onderwyser skryf of lees, of teken iets voor en die leerling moet probeer om dit presies so na te doen.

(iii) Die memoriale leervorm.

By hierdie leervorm moet die kinders sekere feite in die geheue inprent.

(2) Die opwekkende leervorm kan verdeel word in:

(i) Die vraag- en antwoordmetode.

(ii) Die opgawe of taakmetode.

By hierdie metode moet die leerling sekere opdragte uitvoer om uit te vind of die leerstof deur hom geabsorbeer is. Dit kan 'n opstel wees of 'n grammatikale oefening, of 'n rekenkundige probleem. Die leerlinge tree dus al heeltemal selfstandig op.

(iii) Die aktiveermetode.

By hierdie leervorm tree die leerling al meer skeppend op en moet hy oorspronklikheid en inisiatief aan die dag lê. Veral die moderne metodes, soos die Montessori metode, die Dalton sisteem, die Winnetka plan, ens. maak van die aktivering baie gebruik.

Omdat in die vak, Godsdiensonderrig die meeste van die vertelmetode gebruik gemaak word, wil ons dit eers in besonderhede bespreek.

(1) Die vertelmetode.

'n Goeie onderwyser sal probeer om al ses bogenoemde metodes in sy lesse toe te pas, maar soms moet in 'n besondere vak één metode meer gebruik word as enige ander. Dit is veral met Godsdiensonderrig die geval. Hier val die nadruk op die vertelmetode wat in alle leerkringe 'n swaar aksent moet kry. Die onderwyser moet net weet hoe om hierdie metode by die verskillende leeftye aan te pas.

Waterink/....

Waterink beweer dat die fenomenologiese skool in die verlede te veel die nadruk op die waarneming laat val het en te min op die gehoor. 1)

As hulle metodes konsekwent sou toegepas word, sou 'n mens tot die gevolgtrekking kon kom, dat God maar een belangrike sintuig aan die mens gegee het, naamlik die oog.

Maar Waterink skryf tereg dat wat die geestelike en godsdienstige opvoeding betref die woord die belangrikste is. Jy moet dit eers hoor voor jy dit kan verstaan en verwerk. 'n Vader gee aan sy seun eers mondelinge opdragte voordat hy dit kan uitvoer.

Op dieselfde wyse handel God met ons. Hy spreek tot ons deur Sy Woord en ons moet daarna luister en opvolg as dit 'n opdrag is.

Waterink sê: "Het woord moet voorop gaan in alle zaken die met de normen en met de openbaring te doen hebben." 2)

Maar die woord moet lewe en dit kan alleen maar gebeur as dit uit die hart van die onderwyser kom. En dit kom uit die hart as Christus hom deur die Heilige Gees aangeraak het. Dan sal daar eers warmte van hom uitgaan en sy woorde sal 'n eenheid met sy hele persoonlikheid vorm.

Die kind voel suiwer aan of die woorde van die onderwyser/...

1) Waterink, J. Grondslagen der didactiek. p.77.
2) Ibid. p.80.

onderwyser werklik uit die diepste van sy hart kom of nie. Eers as die onderwyser die Bybelse vertelling self deurlewe, sal daar geestelike kontak tussen hom en die kind tot stand kan kom. Daarna sal daar ŉ proses in die hart van die kind begin om die geestelike norme wat die onderwyser hom voorgeskilder het te probeer verwesenlik.

As hy die woord so tot die kinders bring, sal al sy lesse opvoedkundige waarde kry omdat hy dan gelei word deur die Heilige Gees.

ŉ Kind is veel meer ontvanklik vir woordsuggestie as ŉ volwassene.[1] Daarom kan daar ŉ positiewe of negatiewe invloed van elke onderwyser uitgaan. Die invloed is alleen positief as hy uit die woord wat hy verkondig, lewe.

As die Godsdiensonderwyser iemand is wat God self nie ken nie en dus alleen maar verhale aan die kinders kan opdis, sal sy invloed negatief wees en sal daar nooit ŉ verlange in hulle harte ontstaan om die Bybelse norme tot hulle persoonlike besit te maak en daaruit te lewe nie.

Bylsma noem nog ŉ paar belangrike aspekte waarop die nadruk in ŉ Bybelles moet val.[2]

(i) In die eerste plek moet die kinders ŉ sekere kennis van die Bybel besit voor hulle die skool deurloop het.

(ii) Verder/....

1) Zwanenburg, S. Sociale psychologie. p.26.
2) Bijlsma, R. De Bijbelles op de lagere school. p.418.

(ii) Verder moet hulle die groot grondgedagte en die heilsfeite waarom dit in die Ou- en Nuwe Testament gaan, goed verstaan. As die kinders dan later op eie bene staan, en die Bybel selfstandig en met graagte gelees word, sal die Skrif vir hulle nie slegs uit losstaande verhale bestaan nie, maar in verband gebring word met die goue lyn van heilsfeite wat deur sy onderwyser gereeld beklemtoon is.

(iii) Die onderwyser moet ook verstaan dat dit nie slegs om parate kennis gaan nie, maar dat die Bybel 'n geloofsbeslissing van elkeen eis. Hulle moet voor 'n keuse gestel word: Watter antwoord gee hulle op God se uitnodiging?

(iv) Maar op 'n positiewe antwoord sal ook 'n volgende stap moet volg, nl. om dit in die gemeenskap waarin hulle geplaas word, uit te lewe. As die kinders die skool verlaat het, moet hulle weet dat 'n mens nie Christen op sy eentjie kan wees nie maar dat hy in die midde van die gemeente staan. Die onderwyser speel dus in die verwesenliking van al hierdie doeleindes 'n baie groot rol.

Na hierdie inleiding kan ons eers die vertelmetode ontleed.

Die vertelmetode verskil hemelsbreed van die ander monologiese metode, die sogenaamde verklaar-

of/.....

of lesingmetode. In die lesingmetode gee die onderwyser inligting of verklaar sekere feite. Hy bespreek die gebeurtenisse met die kinders. Hy gee aan die einde ŉ swartbordopsomming van sy les en laat die kinders dit afskryf en memoriseer.

In die vertelmetode word die nadruk nie gelê op die inligting wat die onderwyser verskaf nie. Hy verklaar of bespreek ook nie sekere feite nie, maar laat iets aan die kinders sien. Hy sien iets in sy verbeelding, met sy geestesoog, en hy vind die regte woord om dit so skilderagtig uit te beeld dat die kinders dieselfde gebeurtenis ook met hulle geestesoog aanskou.[1]

Van der Hulst, die bekende Nederlandse kinderskrywer, vind die verteller ŉ kunstenaar van die woord, en veral die verteller van Bybelse verhale moet dit besef. Want vir die ideale godsdiensonderwyser gaan dit nie om die verhale self nie, maar om die dieper betekenis daarvan. Die verhale self moet dus middel bly om ons doel te bereik. En ons doel is dat ons en ons kinders saam na Hom eerbiedig moet luister, sodat ons saam ŉ geloofsbeslissing kan maak. Volgens Waterink kan ons alleen met ons hart luister as ons oers deur Hom aangeraak is.

Die onderwyser wat hom dus aan die Bybelse verhale waag, moet ŉ gelowige wees. Hy kan nie met

onheilige/...

1) Van der Hulst, W.G. Het vertellen. p.16.

onheilige lippe die heilige aanraak nie. As die onderwyser dit besef, sal hy hom altyd biddend voorberei. Eers dan sal hy die regte eerbiedshouding vind en die juiste woorde gebruik.

(i) Die voorbereiding.

Die voorbereiding vir 'n Bybelles is uiters belangrik. In die eerste plek moet hy die inhoud van die verhaal goed ken. Verder moet hy probeer vasstel hoe hy die verhaal aan die kinders "kan laat sien". Hy moet dus eers die hele geskiedenis in sy geestesoog, in sy verbeelding, self sien voor hy dit aan ander kan weergee.

Van der Hulst vergelyk dikwels die verhaal met 'n film wat die onderwyser voor die oë van die kinders afrol. [1]

Maar die moeilikste van die voorbereiding moet nog kom. Die vertel van gewyde verhale verskil hemelsbreed van 'n gewone verhaal, omdat die onderwyser telkens moet vasstel wat die dieper betekenis in elke geskiedenis is.

By die voorbereiding moet die onderwyser hom dus altyd afvra: Wat het God in daardie gedeelte tot ons te sê? En: Hoe kan daardie boodskap op 'n eenvoudige wyse in die vertelling ingevleg word? Hierdie laaste vraag/....

1) Van der Hulst, W.G. Het vertellen. p.16.

vraag is ook belangrik, want die onderwyser moet altyd oppas om nooit die toepassing van die les as ŉ aanhangsel aan die einde van die vertelling te gee nie, want dan sal hy uitvind dat die kinders nie meer daarin geïnteresseerd is nie.

As die onderwyser bv. die geloof van Abraham in die verhaal van die offerande van Isak wil beklemtoon, moet hy dit so vertel dat die kinders die diep geloof, die onbeperkte vertroue van Abraham in sy God deur die hele vertelling kan aanvoel. Dan is dit nie nodig om aan die einde van die verhaal dit weer opnuut te noem nie. Hoe minder die onderwyser dan verder sê, hoe beter. Hy het die saad gestrooi en indien hy die spontane aandag van die kinders behou het, sal hulle self die regte toepassing maak.

Maar vir die onderwyser is dit moeilik om by elke vertelling die bedoeling wat God met daardie spesifieke geskiedenis het, aan die kinders so te laat sien dat hulle ŉ seën daaruit sal ontvang. Die groot taak kan hy alleen uitvoer as hy die volgende Woord van die Meester tot sy lewensmotto gemaak het: "Sonder My kan julle niks doen nie." 1)

Om die Bybelse verhale goed te kan vertel is dus ŉ kuns, die kuns van die oog en die tong, maar ter selfdertyd is daar sekere reëls wat in ag geneem moet/....

1) Joh. 15:5.

moet word en wat elkeen kan leer.

Van der Hulst noem ŉ paar kenmerke van ŉ goeie verteller van gewyde verhale wat ons kortliks wil noem.[1)]

(ii) Kenmerke van ŉ goeie verteller.

1. Eerbied.

Die verteller moet met eerbied teenoor die Bybel staan. Die kinders moet voel dat die onderwyser se woorde in harmonie met sy hele lewe is. Die woorde wat hy spreek, moet uit sy hart kom. Hy moet dus deur God self aangeraak wees voordat die verhale gaan lewe. Eers dan sal daar krag van hom uitgaan en kan hy elke dag ŉ groot seën op sy werk verwag.

2. Rus.

As die onderwyser weet dat hy ŉ boodskap van God aan die kinders moet oordra, sal daar rus van hom uitgaan. Die vertelling sal dan nie bloot ŉ vinnige filmvertoning vir die kinders wees waarvan slegs ŉ floue herinnering agterbly nie, maar dan sal hy ŉ beeld in die hart van die kinders skep wat nie maklik meer daaruit sal verdwyn nie.

3. Opmerksaamheid.

Ons moet nie alleen op die verhaal self konsentreer nie, maar tydens die vertelling mag ons nooit die kinders uit die oog verloor nie. Daar moet voortdurend/....

1) Van der Hulst, W.G. Het vertellen. pp.80-90.

voortdurend kontak tussen die onderwyser en al die kinders bly. Hy moet hulle met sy woorde vang en hulle ten volle in die verhaal laat inlewe.

Hy moet boeikrag besit, sodat die spanning van die begin tot die einde behoue kan bly. Hy kan hierdie boeikrag op verskillende wyses verkry. Maar veral die gevariëerdheid in sy stem is uiters belangrik. Die stem is miskien een van die mooiste geskenke wat God aan die mense gegee het en veral vir die onderwyser is 'n goedgeoefende stem van onskatbare waarde.

Verder moet hy oppas om nie onbegrepe woorde in sy vertelling te gebruik nie, want die aandag van die kinders word daardeur te gou afgetrek.

Hy moet ook sy vertelling so lewendig as moontlik maak. Dit kan hy bereik deur hom volledig in sy verhaal in te lewe, sodat die kinders voel dat alles hom ter harte gaan.

Hy moet die verhale altyd uit die standpunt van een of ander persoon skilder. Dit kan 'n toeskouer wees of die belangrikste persoon uit die verhaal self. In die gelykenis van die Barmhartige Samaritaan kan hy bv. dadelik die beroofde man op die toneel voer en die hele verhaal uit sy standpunt vertel.

Ons moet sorg dat ons die opmerksaamheid van die kinders tot die einde toe behou. Daarom moet ons

vertelling/....

vertelling 'n afgeronde geheel vorm en moet ons nooit die verhaal op sy hoogtepunt afbreek nie met die belofte om môre verder daarmee te gaan nie.

4. 'n Vertelling is nie 'n leesles nie.

Ons moet soveel moontlik vermy om eentonige beskrywings van plaaslike toestande of van sedes en gewoontes te gee.

Die hoofdoel van 'n Bybelles mag nooit wees om die kennis van die kinders uit te brei nie, maar om te laat sien hoe God Hom met ons bemoei en hoe Hy telkens Sy groot liefde teenoor die mens openbaar totdat dit in die koms van Jesus Christus die hoogtepunt bereik. Ons vertelling moet dus altyd Christosentries wees.

Dit is immers nie so belangrik as die kind nie altyd die regte voorstelling van sekere plekke of toestande kan vorm nie. In sy verbeelding skep hy tog sy eie beeld wat met die jare telkens weer verander. As hy maar die hoofsaak, die kern van die verhaal verstaan en ter harte neem, dan is die onderwyser se doel bereik.

5. Beheersdheid in alles.

'n Goeie verteller sal hom innerlik en uiterlik

kan beheers/....

kan beheers. Sy handbewegings moet in ooreenstemming met sy woorde wees en oordrewe gestikulasies is rampspoedig omdat dan die aandag van die verhaal na die onderwyser getrek word en hy dus sy doel totaal sal mis.

Ook in sy stem moet daar beheersdheid wees. Die gevoelens wat daar in die verhaal uitgedruk word, soos angs, toorn, jammerte of blydskap moet wel in sy verhaal openbaar word, maar ook hier moet die onderwyser vir oordrewenheid oppas.

Uit sy stem moet rus spreek, hy moet so vertel dat die kinders hom vergeet en alleen op die verhaal konsentreer, sodat hulle aan die einde die ware bedoeling daarvan verstaan.

Dus, die onderwyser mag in die vertelling wel 'n sekere "rol speel", maar hy moet dit so doen dat al sy gebare, met sy hande, sy oë, sy gesig, in ooreenstemming met sy persoonlikheid is, anders word die vertelling belaglik.

Daarom kan twee mense nie op dieselfde wyse vertel nie en is daar slegs een reël vir elke verteller: wees beheersd.

6. Die gebruik van die Bybeltaal.

'n Ander vraag wat Van der Hulst opper is in hoe verre/....

hoe verre die onderwyser die Bybeltaal in sy vertelling moet gebruik?

Hier is ook geen algemene reël te gee nie, Vir jonger kinders moet ons net moeilike onverstaanbare terme vermy en vir die res moet die verteller so naby as moontlik aan die gewyde taal van die Bybel bly.

Van der Hulst gee ʼn paar voorbeelde van platvloerse taal wat hy self uit die mond van onderwysers verneem het. 1) Die onderwyser kan bv. nie Delila aan Simson laat sê nie: "En ou rondloper, waar het jy die afgelope weke rondgeboemel?" Op so ʼn manier word die hele gewyde atmosfeer uit die verhaal weggeneem en word dit teruggevoer na die vlak van ʼn alledaagse verhaal.

Die onderwyser wat so praat, wil net ʼn sekere effek bereik, dan gaan dit alleen maar om sy eie sukses en nie meer om ʼn seën vir sy leerlinge nie.

Aan die einde van ons vertelling is dit soms aan te beveel om met ʼn toepaslike teks af te sluit. Bv. by die geskiedenis van Elia en die weduwee van Sarfat. As die onderwyser die wonderlike sorg van God vir sy profeet in al sy skoonheid geskilder het, kan hy aan die einde van sy vertelling net weer sê: "En die meel in die pot het nie opgeraak nie, en die olie/....

1) Van der Hulst, W.G. Ibid. p.62.

olie in die kruik het nie minder geword nie, volgens die Woord van die Here." 1)

7. Die toepassing van 'n vertelling.

Op 'n vorige bladsy is al vermeld dat die onderwyser hom by die voorbereiding altyd moet afvra wat die bedoeling van God in daardie spesifieke hoofstuk is. Daardie bedoeling mag vir die kinders nooit as 'n toepassing aan die einde van 'n vertelling kom nie, maar dit moet in die verhaal ingevleg word.

Die onderwyser moet dus so vertel dat die kinders alles op hulle self kom toepas. Hulle moet hulle altyd afvra: Hoe sou ék in so 'n geval gehandel het? Of: So sou ék ook wil wees. Want die kinders moet al vroeg besef dat God deur die Skrif tot elkeen van ons persoonlik spreek en dat Hy elke keer wanneer ons Sy Woord oopmaak 'n persoonlike beslissing van ons vra. Daarom is in elke Bybelles 'n toepassing noodsaaklik. Van der Hulst sê:

> "Onze vertelling moet door de toepassing gedragen worden. De toepassing is de ziel, de vertelling het lichaam. Een ziel zonder lichaam is dood." 2)

Maar dit is 'n kuns om die toepassing van die verhaal daar so in te lê dat die kinders tydens die

verteling/...

1) I Konings 17:16.
2) Van der Hulst, W.G. Ibid. p.95.

vertelling daarvan onbewus is. Dit eis telkens weer ʼn grondige voorbereiding van die onderwyser, wat hy nooit sonder die waaragtige gebed reg kan kry nie.

8. <u>Vertel soveel moontlik in die teenwoordige tyd.</u>

ʼn Goeie verteller moet, volgens van der Hulst, nog ʼn belangrike punt in aanmerking neem.

Omdat vertel beteken om iets aan die kinders te laat sien, moet hulle die hele verhaal voor hulle geestesoog sien afspeel. Daarom moet die onderwyser so veel moontlik in die teenwoordige tyd vertel. Vir die kinders word daardeur alles veel lewendiger omdat dan die hele verhaal voor hulle oë afspeel. Ook kan die verteller daardeur makliker die juiste gebare maak.

Dit is egter nie ʼn reël wat dwarsdeur die vertelling volgehou moet word nie. Vir afwisseling is dit noodsaaklik dat die tye verwissel.

Die Bybel doen dit ook. As ons bv. die gedeelte van Elia en die weduwee van Sarfat weer noukeurig deurlees, bemerk ons dat die verlede tyd telkens met die teenwoordige tyd afgewissel word. 1)

Maar tog is dit vir die laer klasse beter om meer van die teenwoordige tyd as van die verlede tyd gebruik te maak.

9. <u>Gevolgtrekking.</u>

Hoewel sekere/...

---

1) I Konings 17.

Hoewel sekere belangrike leidrade vir die Bybelverteller tot dusver gegee is, kan hy hulle nie uit sy hoof leer en daardeur meen dat hy 'n goeie verteller sal word nie.

Die ervaring alleen sal hom op sy foute wys en hom op die duur 'n ideale verteller kan maak.

Van der Hulst sê tereg: "Zwemmen moet men in het water leren en de kunst van vertellen moet men leren voor de klas." 1)

Maar ons moet op sy Krag en sy Hulp leer vertrou, ons moet onsself vergeet en besef dat ons die kinders deur ons vertelling na Hom toe moet lei. Eers dan sal ons vertelling werklik Christo-sentries wees.

(j) Ander metodes.

Saam met die vertelling kan vir die laer klasse met goeie gevolg van die sogenaamde flanelet metode gebruik gemaak word. Van die meeste geskiedenisse uit die Ou Testament is al uitstekende prente gemaak wat op die flenniebord met 'n gepaste agtergrond vertoon kan word. Op die klein kind wat hoofsaaklik visueel ingestel is, maak dit 'n diep indruk.

Ook is daar pragtige gekleurde prente in die handel wat voor die vertelling opgehang kan word, waardeur die fantasie van die kleintjies in die regte rigting gelei word.

Aardrykskunde/...

1) Van der Hulst, W.G. Ibid. p.7.

Aardrykskunde kaarte is ook vir die afronding van 'n Bybelles 'n noodsaaklikheid, veral vir die ouer kinders wat graag wil weet waar die gebeurtenis afgespeel het.

'n Veel gebruikte metode in bantoeskole is ook die dramatiseermetode. Hulle hou daarvan om 'n verhaal te speel bv. die geskiedenis van Moses se geboorte. In die hoek van die klaskamer word die agtergrond met klippe, grond en gras opgebou. Die mandjie met 'n popbaba word selfs nie vergeet nie. Die onderwyseres is dan Miriam wat die verhaal uit die oogpunt van Miriam vertel, maar terselfdertyd die hele geskiedenis dramatiseer.

Dit moet egter nie te veel aangemoedig word nie, omdat die dieper betekenis gewoonlik verlore gaan.

Maar watter ander metodes die onderwyser ookal gebruik om die verhaal vas te lê, die vertelmetode moet altyd hoofsaak bly, want alleen daardeur sal die kinders iets leer verstaan van die sprekende God en die luisterende mens.

(K). Parate kennis.

Hoewel nie die hoofdoel nie, moet ons kinders tog 'n sekere kennis van die Bybel besit.

Daarom het ons die konsentriese leergang beklemtoon, sodat deur die gereelde herhaling heelwat feite/....

feite in die geheue bewaar kan bly.

Maar in elke Bybelles moet ook tenminste vyf minute afgesonder word om die feite van die afgelope les in te prent en om uit te vind of die kinders die dieper betekenis van die verhaal werklik verstaan het.

Die onderwyser moet hom dus ook in die Bybelles nie net tot één metode beperk nie. Aan die begin van die les kan hy deur middel van 'n paar vrae uitvind hoeveel die kinders nog van die vorige les onthou. Daarna kom sy vertelling wat verkieslik nie onderbreek moet word nie. En ten slotte kan hy deur middel van vrae weer uitvind hoeveel die leerlinge van sy verhaal verstaan het.

In die hoër klasse van die laerskool kan die onderwyser 'n kort opsomming van die les op die bord skrywe met die hoofdoel van die verhaal daarby.

Die leerlinge kan dan die aantekeninge in 'n spesiale boek afskryf. Vir hulle is dit ook noodsaaklik om so nou en dan 'n kaart van Palestina te teken sodat hulle georiënteer kan word waar die betrokke geskiedenis plaasgevind het.

Op daardie manier behoort die meeste kinders tog by die verlating van die skool 'n sekere hoeveelheid parate kennis van die Bybel te besit.

(1) Die/.....

(1) Die godsdienstige atmosfeer.

Om die hoogste waarde uit die Bybelles te kry, moet die onderwyser ook die regte godsdienstige atmosfeer kan skep. Die kind moet al gou begryp dat Godsdiensonderrig op 'n hoër vlak staan as enige ander vak, omdat ons in daardie vak God tot ons laat spreek en Hy daardeur naby ons kom.

Deur ons hele eerbiedige houding teenoor die Skrif moet die kinders dit kan bemerk dat ons met gewyde geskiedenis besig is.

Gunning beklemtoon in die godsdienstige opvoeding die groot waarde van die religieuse atmosfeer as hy sê: "Ik ken eigenlijk absoluut maar één middel van godsdienstige opvoeding en dit is de kinderen te doen opgroeien in een religieuse atmosfeer." En hy gee ook die middel aan om dit te bereik. Want hy gaan verder:

> "Wilt gij dat uw kinderen een religieuse opvoeding zullen krijgen, dan moet gij zelf een religieuse mensch zijn of worden, want alleen dan kunt gij die religieuze atmosfeer om u heen verspreiden, die het een en alles is." 1)

Ook Van der Hulst lê groot nadruk op die atmosfeer. Hy sê daarvan dat die atmosfeer eers geskep moet word voor die onderwyser met sy Bybelles kan begin. Volgens hom is die atmosfeer

"de stralende/..

1) Gunning, J. Verzamelde paedagogische opstellen. 2de deel. p.224.

"de stralende schijn van de ongeziene zon
die komt in de kamer over de hoge muren
van alledaagse mensenbrouwsels heen; die
kwade kiemen doodt en leven wekt en blij-
heid en kracht; wondere eeuwigheidsglans."[1)]

Maar om so 'n atmosfeer te skep is verbasend moeilik. As daar nie 'n gevoel van vertroue tussen die onderwyser en die kind is nie; sal die onderwyser nooit die atmosfeer kan skep nie.

Die band tussen die onderwyser en die kind word te veel deur verkeerde dissipline verbreek. Óf die onderwyser is te streng en hy sal deur deur veelvuldige strafmaatreëls en kastydings 'n haat- en angsgevoel by baie kinders opwek, óf hy is te sag sodat hy gladnie dissipline kan handhaaf nie met die resultaat dat hy nie die aandag van die kinders in sy vertelling kan opwek en behou nie.

Al hierdie negatiewe invloede werk steurend om die regte atmosfeer te skep. En tog is dit noodsaaklik vir elke onderwyser in Godsdiensonderrig om dit te probeer bewerkstellig.

Van Duyvendijk en Visser noem 'n paar gedagtes waardeur die regte atmosfeer opgewek en bewaar kan word.[2)]

(1) Die Gebed.

Die kort gebed voor elke Bybelles wat uit die hart van die onderwyser kom, sal die kinders laat besef dat hulle hul nou op heilige grond bevind. Maar

ook/.....

1). Van der Hulst, W.G. Bijbelse geschiedenis. p.25.
2) Van Duyvendijk, P. en Visser, J.B. Schoolopvoeding en - onderwijs. p.14.

ook die stil persoonlike gebed van die onderwyser vóór hy met sy les begin, sal hom die vertroue en rus gee wat absoluut noodsaaklik is vir 'n gewyde sfeer.

(2) Die geestelike lied.

Die sing van 'n geestelike lied voor die onderwyser sy vertelling begin sal ook die regte atmosfeer kan bewerkstellig.

(3) Eerbied van die onderwyser.

Verder moet die kinders kan aanvoel dat die onderwyser self die nodige eerbied en skroom teenoor die Bybel besit. Dit moet nie alleen in die vertelling uitkom nie, maar ook in die Skriflesing.

(4) Die godsdienstige persoonlikheid van die onderwyser.

Die onderwyser wat die Skrif nie as die Woord van God erken nie en die onderwyser wat nie uit die Skrif lewe nie, mag hom eintlik nie aan die mooi verhale van die Bybel waag nie. Hy is dan 'n huigelaar en die kinders sal dit dadelik skerp aanvoel.

Die religieuse atmosfeer is nie voldoende nie, dit moet gepaard gaan met die regte godsdienstige onderrig.

Van Duyvendijk en Visser vergelyk die verhouding

tussen/.....

tussen godsdienstige atmosfeer en godsdiensonderrig as tussen die melodie en die woorde van ŉ lied. Hulle vul mekaar aan en kan nie van mekaar geskei word nie.[1)]

(iv) Die gebruik van ŉ Kinderbybel.

Die afgelope jare het daar heelwat goeie Kinderbybels op die mark verskyn. Die Kinderbybel van Van der Hulst is een van die oudstes en bekendstes wat later gevolg is deur die van Anne de Vries wat ook in Afrikaans verwerk is. In Afrikaans is verder die van Mevr. de Vos bekend en dit word veel gebruik.

Die vraag het ontstaan of daar gevare aan verbonde is om in ons skole of in die huis veelvuldig gebruik van die Kinderbybel te maak.

In die eerste plek moet ons opmerk dat die Kinderbybel nooit die Bybel uit sy plek mag dring nie. Maar in die huisgesin is ŉ Kinderbybel waardevol en die moeder wat nie in die kuns van vertel vaardig is nie, kan beslis vir haar klein kindertjies van een van die bekende Kinderbybels gebruik maak. Dog sy moet altyd vertel dat die verhale uit die Bybel geneem is. By die daaglikse huisgodsdiens sal die hoof van die gesin van die Heilige Skrif self gebruik moet maak.

In die/....

1) Van Duyvendijk, P. en Visser, J.B. School-opvoeding en -onderwijs. p.15.

In die skole sal die onderwyser die Kinderbybel as naslaanwerk kan neem as voorbeeld van 'n vertelmetode. Maar hy mag nie die maklike manier toepas en dit as 'n gewone leesboek beskou en dan gedurende die Bybelperiodes daaruit voorlees nie. Gewoonlik doen die minder vlytige onderwyser dit omdat hy hom nie goed voorberei het nie, of omdat hy dink dat hy nooit die kuns van vertel kan bemeester nie.

Vir die bantoe-onderwyser is die Kinderbybel as naslaanwerk ook van onskatbare waarde. In die afgelope jaar het daar verskillende vertalings van die Kinderbybel in drie of vier bantoetale die lig gesien. En volgens statistieke word dit gretig gekoop, omdat die meeste bantoe-onderwysers die maklike taal van die Kinderbybel beter verstaan as die abstrakter taal van die Bybel.

Maar ook vir hulle geld dit dat die Kinderbybel 'n hulpmiddel moet bly.

Dit sou van groot waarde wees as daar in die bantoetale ook meer regte naslaanwerke oor die inhoud van die Bybel self die lig sou sien, sodat die bantoe-onderwysers 'n beter agtergrond van die Bybel kan kry.

(ix). Sendingsonderwys en evangelisasie.

Omdat daar nog soveel kinders van heidense ouers die skool bywoon, veral in die bantoetuislande, het

die/....

die bantoe-onderwyser 'n geweldige missionêre roeping.

Ons hele godsdiensonderwys moet eintlik één getuienis wees van die heil wat God in Jesus Christus aan die wêreld geskenk het. Wie dus die getuienis nie as een van die vernaamste take van 'n Christen beskou nie, neem die siel uit die Bybel weg. Daarom kan sending nie geïsoleerd van godsdiensonderrig behandel word nie maar moet dit 'n geïntegreerde deel daarvan wees.

Berkhof beklemtoon in albei sy werke deurgaans dat die sending- en evangelisasietaak die wesentlike opdrag van die kerk is.[1] Vir Durand is die apostoliese funksie van die kerk ook essensieël. Hy beroep hom veral op Kraemer en Hoekendijk.[2]

En hierdie taak moet ook in ons godsdiensonderwys in die skole tot uiting kom. Die opleidingskolleges moet hierin leiding gee en daardie groot taak keer op keer in die vak, godsdiensonderrig beklemtoon, sodat die studente roepingsbewus word, veral ten opsigte van hulle eie volk.

Die meeste studente is maar te geneig om te veel waarde aan die onderrig self te heg en die opvoedkundige taak as bysaak te beskou. Hulle verkeer ook onder die wanindruk dat die onderwyser se taak by die skool eindig, terwyl hulle tot die besef

gebring/....

1) Berkhof, H. Christus de zin der geschiedenis. pp.75-94.
Berkhof, H. De leer van de Heilige Geest. pp.33-45.
2) Durand, J.J.F. Die sending wesenstaak van die kerk. p.3.

gebring moet word dat deur die beïnvloeding van die ouers en ander verwante, ook die kinders daar voordeel uit sal trek.

Daarom moet nie alleen die geskiedenis van die sending in die hoogste klasse van die laerskool en in die hoërskool behandel word nie, maar daar moet ook uit die Bybel bewys word wat God van die gereinigde, geheiligde en geroepe mens verwag.

Veral in die Nuwe Testament is daar voldoende bewyse uit die woorde van Jesus en uit die Handelinge van die Apostels om aan die kinders te toon dat die verspreiding van die evangelie die taak van elke gelowige is en nie slegs van die predikante nie.

Die missionêre taak moet in die opleidingskolleges so lewendig gehou word dat elke onderwyser dit as sy roeping beskou om dit uit te voer.

In die leerplan moet die kerk- en sendingsgeskiedenis eintlik as 'n eenheid beskou word en kan die onderwyser die kinders laat sien waar en wanneer die kerk gefaal het om die sendingroeping ten uitvoer te bring en ook wys op die noodlottige gevolge daaraan verbonde.

Die meeste aspekte van die godsdienstige opvoeding en godsdiensonderrig is in die afgelope twee

hoofstukke/.....

hoofstukke bespreek. In die volgende hoofstuk sal ons probeer om 'n noukeurige ontleding te gee van die antwoorde op die vraelys wat aan 'n onuitgesoekte groep leerlinge van die Batswana Opleidingskollege gegee is, sodat ons kan uitvind of die studente wat as onderwyser opgelei word in staat is om die beginsels wat in die voorafgaande twee hoofstukke neergelê is, uit te voer.

---